



Kompas

Rigtingwyser vir die Gereformeerde Lewe

Jaargang 15 no. 1

Desember 2005 & Januarie 2006

KERSFEES VRA WYS WEES

Sjoe, maar die tyd vlieg. Kyk waaroor gaan die Kompas al weer. Dit is tyd dat ons Kersfeestyd moet vier! ... M^oet ons regtig? Waar sien ons di^e verpligting om Kersfees te vier? Is dit die druk van die winkelvensters, die suigkrag van ons sentimentele herinneringe aan aangename tye saam of vind ons die dwang om Kersfees te vier in die opdrag van die Here in sy heilige Skrif?

Laat ons maar heel eerlik wees. Die viering van Kersfees as vereiste Christelike fees het geen gesagvolle basis om dit te steun nie. Die volgende feite staaf dit. Die Skrif vra geensins van ons om Kersfees te vier nie! Die tyd waarop mense dit doen, asof dit ooreenkom met die tyd waarin Christus in die jaar gebore is, is foutief. Anders as die ander gebeurlikhede in Christus se lewe, soos sy kruisiging, opstanding en hemelvaart, wat ooreenkom met die werklike tyd van die jaar waarin dit plaasgevind het, is Kersfees se tydsberekening misplaas. Christelike leiers, soos die leiers in die tyd van die Reformasie, Luther, Calvyn, Farel ens., was nie positief oor die viering daarvan nie en was bly as dit enigszins afgeskaf kon word. Die viering van Kersfees is eerder 'n tyd van vergrype en bandeloosheid. Die vroeë Christene het nie Kersfees gevier nie. Die oorsprong van die fees se wortels lê in heidense feeste! Die pogings van die kerk om *Kersfees te kersten* het tot op hede nog nie geslaag nie. Karakters soos Vader Kersfees en Sinterklaas beroof eerder vir Christus van die eer en lof wat Hom alleen toekom.

Met al die gegewens tot mens se beskikking kan jy begryp waarom talle Christene geen dwingendheid voel om die dag te vier nie. Jy kan selfs begryp waarom sekere met venyn reageer teen die illusies en verwaterde, oppervlakkige gees wat met die fees gepaard gaan. Ons kan ook nie anders as om sulke broeders en susters rus van hulle gewete te gun om nie Kersfees te hou nie. Hulle feite is nie verkeerd nie! Trouens, die Bybel waarsku dat ons geen verpligting mag lê op die gewete van ander medegelowiges om enige feesdag te vier, anders as die Christelike Sabbatdag nie (Kol 2:16-17).

Maar beteken dit dat die Christendom militant te velde moet trek teen die gebruik van ander mede Christene om wel Kersfees te vier? Kan ons uit die Skrif aflei dat afkeur gelyk is aan afbreek? Moet ons die kerk "reinig" van mense wat nog nie raaksien dat die viering geen Bybelse bevel agter dit het nie? Moet ons ons misnoeë oral versprei en oral onrus stook? Moet 'n man dit wat sy vrou nie reg het nie, met aggressie tegemoet storm of andersom? Gaan dit die eer van God voorop stel? Ook vir sulke fanatiese optrede is daar geen dwingende bevel nie, net so min soos die opdrag om Christus se geboortedag te herdenk. Intendeel, die wyse leiers van die Hervorming het maar geduldig met die swaakteit van die vlees van hulle medegelowiges, die viering van feesdae verdra. Hulle het selfs ingestem om voor te gaan met eredienste op sulke feeste. Soos die Heilige Gees skrywe in Romeine 15:1 is dit die sware taak van die sterke om die swakkere te dra. Net 'n bietjie

In Hierdie Uitgawe

Tema: God met ons



- 'n Verlosser in sandale! 3
- Amen! 4
- Houvas in 'n gebroke wêreld 6
- Immanuel en die maagdelike geboorte.. 8

- Gesin Van Alten 11
- Venster op die Bybel: 1 Timotheüs 12
- Is die Bybel duidelik oor homoseksuele verhoudings 14
- God vra nie dankbaarheid nie 18
- ICRC 2005 20
- ICRC-persverklaring 22

vroeër skryf Hy dat nie almal sekere dae meer belangrik ag as ander dae nie, maar dat ander weer sekere dae hoër ag (Rom 14:5), tog doen beide dit in 'n oortuiging dat hulle God daarmee eer (Rom 14:6) en daarom moet die eenheid in Christus sterker weeg as die opponerende persoonlike oortuigings (14:1, 10).

Hoe moet ons dan die "feestyd" binnegaan? Ons moet dit met groot wysheid binnegaan. Ons moet die bovermelde feite, dat die hele ontstaan van die Kersfees op manklikeerige bene staan, onomwonde kan stel. Paulus laat immers nie die lesers van Romeine in die duister nie. Hy

laat nie die twee opponerende oortuiginge oor die viering van dae en die eet van sekere voedsels in die lug hang nie. Hy kies duidelik vir die een kant, naamlik dat alle voedsel rein is en maar gebruik kan word vir diegene wat dit met 'n skoon gewete kan doen (Rom 15:14). Calvyn versoek leraars om juis op die kerklike feesdae alle leuens en dwalinge aan te spreek. Maar ons moet ook besef dat nie almal dit kan dra nie. Ons moet daarom met groot geduld streef om eerder dit wat helder en duidelik Evangelie, Goeie Nuus, is, as prioriteit te verkondig. Ons kan maar eerder die lig van die skildery waardeer en ons daarin verlustig, eerder as wat ons die donker dele swart wil verf. Ons moet besef dat saam met ons edele soek na

waarhede dikwels onedele, selfsugtige motiewe kan skuil (vgl Pred 4:4). Die venyn teen verdagte feeste met Christelike waarhede daarin is nie meer verdag as Christelike waarhede wat liefdeloos gedryf word nie. Die algenoegsaamheid van Christus se versoening vir ons en die uniekheid van die viering van sy opstandingsdag, wat "Sondag" genoem word, moet by herhaling bekragtig word. Dit moet gedoen word ter wille van die gewete van ander ... en van onself. Laat ons nie ons fokus verloor nie.

Kersfees vra wys wees. Die eer behoort aan God alleen. Laat ons nie word, soekers van ydele eer, wat mekaar uittart en mekaar beny nie (Gal 5:26).

PV

Eienaar en uitgewer:
Stigting Woord en Wandel
G de Jager (voorsitter)
BJ Kamphuis
A Bron (sekretaris)
Tel. (012) 332-0943
E-pos (stigting):
berendkamphuis@telkomsa.net

Drukker: Printburo
Tel. (012) 335-9134

Kernredaksie: ds E Viljoen
(eindredakteur)
Mev. M de Vries
ds C Kleijn
J Moes
Mev. P Hofisnk
ds J van der Linden

Redaksie: Mev. JW Douma
Saxenburgsingel 14
Oakglen
Bellville 7530
Tel. (021) 919-5176

E-pos: Kompas@Cybertrade.co.za

Nederland: Mev. H van de Weide
Oldenkottebrink 60
7544 LP Enschede
Tel. (053) 478 4561

Administrasie:
Mev. G van der Meulen
Posbus 23931
Gezina 0031
Sel. 084-607-6072

Elektroniese betalings:
Stigting Woord en Wandel
Nedbank Gezina
Takkode: 16 03 45
Rek. nr: 1603 031 820
Vermeld asb. u Naam & Lidnr

Intekengelde (per jaar):
E-pos: RSA R40
Buiteland • 10
RSA: R90 (per hand)
R100 (per pos)
Buiteland: Seepos • 30
Lugpos • 40



FOLMER BOEKHANDEL

19e Laan 283, Villieria
Pretoria, 0186, Suid-Afrika

Tel 012 329 0031

Faks 012 329 5927

DAGBOEKE 2006

VAN DER WALT, dr Kobus: Jy is 'n Blinkpadmens - dagstukkies vir jongmense. In Blinkpad loop die voetspore oor verskeie belangrike temas soos: Waarom dien jy die Here? Het godsdiens grense? Hoe verstaan ek God se besluite?

Hoe hanteer ek moedeloosheid?
Leef vorentoe met hoop! 69 ble,
R35

KRACHT VOOR ELKE DAG -
Bijbels dagboek. Twaalf predikante
van die Gereformeerde Kerk
Vrijgemaakt neem elk 'n maand vir
hulle rekening. Met teksregister.
R 99

CALVYN VIR VANDAG
(tweedehands: een kopie
beskikbaar) saamgestel en vertaal
deur prof F J M Potgieter.
'n Volle jaar se dagstukke met
register van onderwerpe.
369 ble, R90

HEART AFLAME - Daily readings
from Calvin on the Psalms.
366 ble, R65

Ander takke van Folmer Boekhandel:

Kaapstad
Folmer Boekhandel
(Petro Drijfhout)
Bondstraat 7
Oakdale, Bellville
7530
Tel 021 - 948 5883

Pretoria
Rooiels Boekhandel
(Irene van der Meer)
Laseandralaan 115
Môregloed
0186
Tel 012 - 333 8064



'n VERLOSSER IN SANDALE!

Ds E. Viljoen

TEMA: GOD MET ONS

'n Verlosser in sandale! Het u al mooi daarvoor nagedink? God in sandale!! Dit kan somer maklik godslasterlik klink. Tog is dit opvallend dat Johannes die Doper sy eie werk profiel gee teen die koms van 'n Verlosser wat sandale dra. Só kom God na ons wanneer die Woord van God vlees word.

NIE WAARDIG OM SY VETERS VAS TE MAAK NIE

Dit is nie maar 'n beeld wat Johannes die Doper gebruik nie. Wanneer Johannes die Doper die koms van die Here self na sy volk aankondig, nooi hy hulle nie om met gapende monde na die hemel te staan en kyk nie. "God by hulle" sou beteken dat hulle iemand eg menslik sou sien. Hulle moes nie na die hemel kyk nie, maar na Een wat tussen hulle staan en - net soos hulle! - sandale dra. Hulle sou 'n man in sandale sien (Mark. 1:7). Dit is wel 'n heel besondere Man. Selfs Johannes is nie werd om selfs maar die veters aan die sandale van Jesus vas te maak nie. Hy is ook nie werd om sy sandale agter Hom aan te dra nie.

Johannes verwag God uit die hemel, maar dan as 'n egte mens. Selfs by Jesus se doop in die Jordaan is Johannes nie een oomblik huiwerig om te verwys na 'n Man in sandale nie (Joh. 1:26, 27): *Ek doop met water, maar onder julle staan Hy vir wie julle nie ken nie - ... wie se skoenriem ek nie waardig is om los te maak nie.*" Daar het u dit weer - 'n Verlosser in sandale. Hy staan tussen die mense en hulle herken Hom eers nie as "anders" nie. Wanneer Jesus dan ook die volgende dag na Johannes kom, sê Johannes: *Dit is Hy van wie ek gesê het: Ná my kom 'n man ... 'n man wat vóór my was ...* (Joh. 1:30). Kyk na die Man in die sandale!

MARIA - BEGENADIGDE!

Daaroor gaan dit wanneer ons bely dat ons Verlosser gebore is uit die

maagd Maria - *Dat die ewige Seun van God, wat ware en ewige God is en bly, die ware menslike natuur uit die vlees en bloed van die maagd Maria deur die werking van die Heilige Gees aangeneem het* (HK Sondag 14). Die Seun van God neem die menslike natuur aan!

Reeds vroeg in die lewe van Johannes die Doper gebeur daar al iets aangrypends. Wanneer sy moeder Elisabet besoek ontvang van Maria, die verwagende moeder van Jesus, gebeur die wonder. Toe Maria vir Elisabet groet, het die kindjie in Elisabet se skoot opgespring en, vervul met die Heilige Gees, het Elisabet uitgeroep: *Geseënd is jy onder die vroue, en geseënd is die vrug van jou skoot!* (Luk. 1:41-42). Hier gebeur tog iets heel besonders.

Ook kort voor hierdie besoek kry Maria besoek van die engel Gabriël en hy groet haar met 'n besondere groet: *Wees gegroet, begenadigde! Die Here is met jou; geseënd is jy onder die vroue* (Luk. 1:28). As moeder kry Maria 'n taak wat uniek is. Geen ander moeder het of sal ooit weer die moederskap beleef wat Maria geken het nie. Hierdie taak aanvaar Maria in geloof en sy stel haarself ook in diens daarvoor. Sy glo die engel van die Here. Maar nie almal sou hulself ewe gewillig prysgee aan hierdie boodskap van God se verlossing wat deur die nakomeling van Dawid sal kom nie.

DIE HEMEL OOP

Kyk maar hoe reageer Natánael - hy was baie skepties toe hy Jesus eers ontmoet. Hy het gehoor Jesus kom uit Nasaret; hy is die seun van Josef van Nasaret (Joh. 1:46). En volgens hom kan daar niks goeds uit Nasaret kom nie. Natánael maak egter kennis met Jesus se alwetendheid. Hy kom agter Jesus ken hom, terwyl Jesus hom nog nooit voorheen ontmoet het nie. Jesus vertel dat Hy hom al sien sit het onder die vyeboom toe Filippus hom

geroep het om Jesus uit Nasaret te ontmoet. Natánael se wantroue / skeptisisme verander in geloof, wanneer hy sy geloof in Jesus bely: *Rabbi, U is die Seun van God, U is die koning van Israel!* (Joh. 1:50).

Hierdie ontdekking van Natánael was nog maar net die begin. Jesus wil hom nog groter dinge laat sien. Hy sal dinge sien wat nie net vir hom persoonlik baie beteken nie, maar vir die hele wêreld, wat vir u en vir my van groot betekenis sou word. Natánael sal die hemel geopend sien en die engele van God opklim en neerdaal op Jesus. Dit wat Natánael daarna nog sou sien, bring ook vir u en vir my tot die belydenis: *Hy is die ewige Seun van God ... en tegelykertyd die ware nakomeling van Dawid, in alles aan sy broers gelyk, behalwe die sonde.*

In Jesus Christus het ons te doen met die hemelse heerlikheid van God op aarde. In Jesus Christus sien ons werklik die hemel wat vir ons oopgegaan het. Die afstand tussen hemel en aarde word by Hom oorbrug. Engele van God klim op en daal neer op die Seun van die mens!! Stel u voor!! Dit laat ons dink aan Jakob se droom by Bet-el. Maar Jesus is geen droom nie, maar Hy is werklik die hemel wat op die aarde gekom het. Hy is uit die hemel en self die poort na en van die hemel. In Jesus het ons werklik met God te make!! Hoe belangrik is dit nie vir ons geloof nie!! In Jesus van Nasaret het ons 'n getroue Getuie oor hoe die Vader teenoor ons staan. Jesus van Nasaret kan, omdat Hy die ewige Seun van die Vader is, vir ons betroubare en noukeurige inligting gee oor die hemel. Hy maak vir ons selfs die hemel oop dat ons deur Hom tot by die Vader kan kom.

Jesus het nie vir Natánael beloof dat die hemel 'n keer vinnig op 'n skrefie sal oopgaan om daarna vir altyd weer toe te gaan nie. **Van nou af** sal Natánael die hemel geopend sien. Dink maar aan alles wat hulle van Jesus gesien het van hierdie tyd af! Onmiddellik daarna was Jesus op die bruilof te Kana; die dorpie van waar Natánael kom

(Joh. 21:2)! Jesus kom bevestig vir Natánael dat sy geloof en vertoue in Hom nie teleurgestel word nie. Jesus laat sien dat Hy self nie maar 'n skepsel is nie, maar juis een in wese met die Vader.

MINDER HEERLIKHEID?

Die feit dat God mens geword het wat in sandale rondgeloop het, maak nie dat die heerlijkheid van die Here vir ons verduister geword het nie. Die grootheid van sy genade en sy goddelike teenwoordigheid by ons word nie weggesteek agter die skerm van die vlees van Jesus nie. Johannes stel dit juis so dat die Woord wat vlees geword het, daarvoor sorg dat die heerlijkheid van die Here op aarde **gesien** kon word. Jesus se menswees maak dat ons God kan aanskou in sy heerlijkheid. In ons Here Jesus kyk ons as't ware die Almagtige God vas in die gesig. Ons kyk God in die oë. Of beter gesê ... ons kyk Hom in die hart.

Wanneer die Seun van God in sandale in die strate van Nasaret, in Jerusalem en langs die Jordaanrivier rondloop, kom God nader aan ons as ooit tevore. Waarom het God so naby aan ons gekom? Hy doen dit, nie om sy heerlijkheid te bedek nie, maar juis om ons sonde te bedek! Hy kom om met sy onskuld en volkome heiligheid, my sondigheid voor God te bedek. Daarvoor het God nader aan ons gekom as ooit voorheen. Om ons sonde agter sy heerlijkheid weg te steek. Beter nog – te laat verdwyn. Om met sy onskuld my sonde weg te neem.

WEES MENS!

Die feit dat die Seun van God self kom sandale dra het, het 'n heel aangrypende betekenis vir my lewe van elke dag. God het ons kom opsoek daar waar ons elke dag lewe. **Ons hoef nie minder mens te wees om met God te leef nie.** Ons hoef Hom nie te gaan soek nie. Ons hoef nie van ons kant bo onself uit na God op te styg as 'n bomenslike skepsel om God te

ontmoet nie. Die Seun van God kom staan onmiddellik naas ons in ons daaglikse lewe. Ons hoef nie weg van onself te vlug of "buite onself te tree" om God te ontmoet nie. Ons hoef nie die lewe te ontvlug om God te vind nie. Hoe dikwels het jongmense hierdie vrees vir die geloof. Hulle dink dat hulle die vreugde van die lewe gaan mis indien hulle hul geloof werklik gaan uitleef. Dit is 'n misleiding van die Satan. Ons hoef nie die lewe te ontvlug nie.

Inteendeel! Jesus het naas ons in ons gewone lewe kom staan. Daar is geen deel van ons lewe wat die Seun van God nie wil aanraak nie. Hy kom staan daar waar ons staan. Daar waar ons lewe en werk. Jesus is gevind in die timmermanswinkel van Josef. By die put besig om water te skep. By die bruilof in Kana terwyl Hy vrolik was saam met die gaste. Met sy onskuld en volkome heiligheid kom bedek hy my sonde daar waar ek elke dag leef en werk. ☩

AMEN!

Hilde Roos

TEMA: GOD MET ONS

Die gemeente beaam die woorde van die predikant met die sing van die woord AMEN! Amen is 'n bevestiging (só is dit, 'n antwoord vol instemming, 'n geloofsreaksie) wat ná die votum, die wet, die gebed, die prediking en die seëngroet uitgespreek word, maar soos ons dit tradisioneel ken, sê die predikant dit. Vir baie van ons het dit al 'n 'stoplig-funksie' aangeneem, want dan weet ons dat die gebed of die preek klaar is. Maar, eintlik behoort die gemeente hierdie woord te sê of te sing.

Die kerkraad van die Vrye Gereformeerde Kerk van Kaapstad het in September 2005 tydens sy kerkraadsvergadering eenparig besluit om die Amen deur die gemeente soos bekend uit Bybelse tye (en ook uit die vroeë kerk tot ongeveer die 4e eeu) weer deel te maak van die liturgie. Om die Amen as't ware aan die gemeente terug te gee.

DIE ANTWOORD-FUNKSIE VAN AMEN

Die woord Amen is Hebreeus vir 'n konsep wat ons nie in een woord kan vertaal nie. Dit gaan oor instemming, sekerheid, regsgeldigheid en vastheid. *Dit sal waar en seker wees* is een van die vele sinne wat die woord inkleur, en hierdie spesifieke sin ken ons uit die kategismus (Sondag 52). Om as gemeente Amen te sê of te sing, verbind ons direk met 'n Ou-Testamentiese gewoonte. Die gebruik van die woord deur die volk Israel wanneer hulle instemmend antwoord, kom dikwels en dwarsdeur die Bybel voor en is ook in verskillende kontekste gebruik. Vanweë beperkte tyd en bladruimte, noem ek nou slegs twee voorbeelde, elk in 'n spesifieke konteks wat 'n spesifieke nuanse aan die woord Amen verleen¹.

In Deuteronomium 27:11-26 word die volk van Israel sekere voorskrifte gegee oor wat hulle wel of nie mag doen nie. Soos die onderwysing uitgespel word, kry hulle die opdrag om dit te beaam met die volgende sinsnede (wat twaalf keer herhaal word): *'... en die hele volk moet sê: Amen.'* Dit gaan hier nie om hulle eie woorde nie, maar dit is die onderwysing van God wat hulle gelowig beaam. In die Nuwe Testament word die Amen deur die volk/toehoorders dikwels in verband met lofprysing genoem. In Openbaring 19:4 en 22:20 word dit gebruik in reaksie op dit wat Christus gedoen het: *'En die vier-en-twintig ouderlinge en die vier lewende wesens het neergeval en God aanbid wat op die troon sit, en gesê: Amen, Halleluja!'*

Binne die kerkverband van ons susterkerke in Nederland en Australië het daar so tien jaar gelede 'n aantal artikels verskyn waar vóór en téén die saak geskryf is. Die skrywers wat téén die gemeentelike Amen gekant was, het die argument aangevoer dat die Amen in

die Nuwe Testament deur onder andere Jesus gebruik is om eie woorde te bevestig omdat Hy vir sy Vader gepraat het. Soos dit gaan met die analise van Bybeltekste waar spesifieke antwoorde gesoek word wat nie so spesifiek in die teks uitgespel word nie, word veral na konteks gekyk om antwoorde te gee. Dít waarna altyd verwys word as 'lees die Bybel binne verband', of te wel, binne konteks. Die kort van die lank van hierdie saak is dat liturgie- en kerkmusiekkenners uit ons susterkerke in Nederland (soos Jan Smelik en C Trimp) oortuig is dat die antwoord-karakter nou eenmaal deel van die semantiek (betekenis) van die woord Amen is en dat dit nie van die Ou Testament na die Nuwe Testament verander het nie². Die instemmende reaksie op iemand anders se woorde kan nie losgemaak of weggeredeneer word van die woord Amen nie.

HOE HET DIE AMEN VAN DIE GEMEENTE VERDWYN?

Die eerste ding waaroor ek gewonder het toe die besluit van die Kaapse kerkraad aan my meegedeel is, is hoekom dit dan vir ongeveer 1700 jaar in orde was dat die dominee dit sê? Het dit in 17 eeue by niemand opgekom om na die beginsels van hierdie alledaagse saak wat tot vyf keer in elke erediens gebruik word, te kyk en die oënskynlik nie-heeltemal-korrekte-gebruik daarvan aan te spreek nie? Wel, 1) my aanname van 'nie-heeltemal-korrekt' is nie heeltemal korrek nie, en 2) in die kerklike lyn waaruit ons kerkverband ontstaan het, is daar tot ongeveer 50 jaar gelede inderdaad nie weer op dié saak ingegaan nie.

Daar bestaan genoeg bronne uit die vroeë geskiedenis van die kerk om te bevestig dat die kerke gedurende die eerste vier eeue ná Christus 'n liturgie gebruik het waar die gemeente met Amen die woorde van die prediker hardop en publiek beaam het. Volgens Justinus Martyr (ongeveer 150 n.C.) is die Amen ook hardop deur die gemeente tydens danksegging vir die Nagmaal gesê. Hiëronymus (uit die 4e eeu n.C.) meld byvoorbeeld dat die gemeente se Amen soos 'n donder-



slag deur die basiliek (kerkgebou) gegalm het. Dit blyk dat die gemeente opgehou het om die Amen te sê of te sing toe daar 'n verwydering ontstaan het tussen die kerkvolk en die priesters. Die priesters in die Roomse kerk het mettertyd omtrent alle liturgiese funksies van die gemeente oorgeneem. Die gesprek tussen God en sy volk/gemeente soos dit in ons liturgie ingebou is, is 'n eg protestantse beginsel. As die priester (of te wel die dominee) die Amen sê, het die instemming deur die gemeente op Christus se onderwysing 'n leë tradisie geword, een wat vir die gemeente niks beteken nie omdat dit nie uit hulle eie mond en hart kom nie, maar uit die mond van die voorganger.

Met die Reformasie is van baie Roomse gebruike afstand gedoen, maar om een of ander rede is nie aandag geskenk aan die Amen deur die gemeente nie. Waarom dit só gebeur het, is nie duidelik nie. Daar is nie daarteen besluit nie, dit was 'n saak wat bloot net agterweë gebly het. Dit is dus 'n beroep op die gebruike uit die Bybel en die vroeg-Christelike kerke wat tot gevolg gehad het dat die gemeentelike Amen in ons susterkerke in Nederland gedurende die afgelope dekade weer ingestel is. In ander denominasies, soos by vele kerke op die Kaapse Vlakte en ook in charismatiese kerke, is die Amen deur die gemeente reeds jare in gebruik.

HOE DOEN ONS DIT IN PRAKTYK?

Ja, dink u dalk, maar hoe weet die gemeente dat die preek klaar is, of dat die dominee aan die einde van die gebed gekom het? Hoe weet die

gemeente hulle moet nou Amen sê of sing? Wat as u voel u kan nie saamstem met die dominee se prediking nie en nie wil beaam wat hy gesê het nie? 'n Mens kan jou voorstel dat die gemeente ongemaklik en selfs onseker kan voel oor hierdie nuwe gewoonte. Veranderings aan 'n goed inge oefende en gerusstellende liturgiese patroon kos oefening en oortuiging. 'n Patroon wat vir baie reeds 'n half-eeu of langer weekliks op ongeveer dieselfde manier gevolg word, verander 'n mens nie sommer van die een Sondag na die ander nie. Dit vra oortuiging van die meriete van die saak en geloof in die positiewe uitwerking van die gemeentelike Amen op die deelname en betrokkenheid van die individu by die diens. Gelukkig is daar ook raad van kerkmusici wat reeds hierdie veranderings in hul gemeentes ingevoer het.

'n Vaste en voorspelbare liturgie word inderdaad gou 'n gewoonte, en die Amen deur die gemeente kan met oefening en duidelike aanwysings maklik deel hiervan word. Dit het voor- en nadele. Aan die een kant is dit belangrik dat die gemeente die liturgie ervaar soos 'n skoen wat goed ingeloopt is, wat só sit dat 'n mens nie na die vorm hoef op te let nie, maar met oorgawe die inhoud kan volg en daaraan kan deelneem. Aan die ander kant kan dit ook verstandlose sleur word. Daar is reeds verskeie praktiese oplossings uitgewerk en die gemeentes sal vooraf duidelik daarvoor ingelig word en heelwat oefengeleenthede sal benut word. Die orrelis kan byvoorbeeld die noot aangee deur 'n akkoord vooraf te speel, of die dominee kan 'n sekere sinsnede sê wat die gemeente gou genoeg sal leer ken. Daar is ook reeds verskillende toonsettings vir die sing van die Amen gekomposeer. 'n Mens kan beide lettergrepe op een toonhoogte sing, of een trap uitmekaar of selfs 'n paar keer herhaal op 'n eenvoudige melisma (meer as een noot per lettergreep) – alles met begeleiding van die orrel. Die praktiese invulling van die Amen deur die gemeente word bepaal deur die behoeftes en oortuigings van die kerkraad, orrelis en die

HOUVAS IN 'n GEBROKE WÊRELD

- God se voorsienigheid

Ds P Boon

TEMA: GOD MET ONS

God se voorsienigheid is een van die mooiste onderwerpe uit die Bybel. Voorsienigheid, dit wil sê dat God in alle behoeftes van sy skepping voorsien. In die geval van 'n mens: kos en klere, son en reën, huis, motor, fiets, werk en vakansie, familie en vriende ... Inderdaad, dit is een van die mooiste onderwerpe. Tog is dit ook 'n omstrede onderwerp. Dit kom veral vanweë twee redes: die beperktheid van die mens se verstand, en ten tweede: die opstandigheid van mense.

ONS VERSTAND TE BOWE ...

God se voorsienigheid gaan ons verstand te bowe. Dink slegs hoe God in staat is om elke dag almal van voedsel te voorsien. Dit is – uit logistieke oogpunt – 'n onmoontlike opgawe. Dink net hoe 'n groot organisasie dit verg om alle diere in 'n dieretuin van genoeg kos te voorsien. Vir elke dier ook sy eie 'spyskaart'. 'n Leeu kan nie strooi eet nie. 'n Kameelperd kan nie vleis eet nie. Vergeleke by die hele wêreld het 'n dieretuin nog niks om die lyf nie. Dit is nog maar een voorbeeld hoe God se voorsienigheid ons verstand te bowe gaan. Maar daar is nog 'n rede. Sondag 10 van die Heidelbergse Kategismus vestig ons aandag op die feit (soos nagespreek uit die Woord), dat nie net die mooi dinge in die wêreld, maar ook die slegte dinge geïnkorporeer is in God se voorsienigheid. Ook dít gaan ons verstand te bowe. Reën én droogte, gesondheid én siekte, rykdom én

armoede. Dit is 'n onderdeel van God se voorsienigheid dat ons vir jare kerngesond kan bly, maar ook dat ons skielik siek kan word. Dit is 'n onderdeel van God se voorsienigheid dat daar baie ryk mense is in die eerste wêreld, maar ook baie arm mense in die derde wêreld. Hoe is dit moontlik? Sy voorsienigheid beteken tog dat almal voorsien word in wat hulle nodig het?

PSALM 94:

O GOD, DOEN TOG IETS!

Die digter van Psalm 94 het ook geworstel met hierdie vraag. Hy was 'n gelowige man, wat daagliks met dankbaarheid alle gawes uit God se hand ontvang het. Maar hy het 'n probleem gehad omdat God alle hierdie gawes net so goed aan mense gee wat Hom glad nie daarvoor dank nie. Erger nog, soms het dit gelyk of God sy eie volk wat Hom dien, verwaarloos, terwyl goddelose mense amper verdrink in weelde. En hulle gaan maar net aan, asof niemand hulle kan keer in hulle oneerlike winsbejag nie. Sien God dan nie, Hy wat Homself die Beskermer van weduwee en wees noem, dat juis hierdie mense verdruk en vermoor word nie? Dis om hierdie rede dat die digter God roep om in aksie te kom: "God van wraak, o HERE, God van wraak, verskyn in ligglans!" (Ps. 94:1) "Verhef U, o regter van die aarde, vergeld die trotsaards hulle dade. Hoe lank sal die goddelose, o HERE, hoe lank sal die goddelose jubel?"

Vandag kan ons beslis met hierdie digter saampraat. HERE, voorsienige God! Sien U nie wat hier in Suid-Afrika gaande is nie? Mense wat U verag en die kerk bespot, hulle het alle vryheid! U goeie wette word ingeruil deur selfbedagte bepalinge. HERE, staan tog op! U regeer mos deur u voorsienigheid! Waarom hou U u Vaderhand oop vir sulke tipe mense? Dink tog in die eerste plek aan u kerk! Ja, die digter kon net so wel iemand gewees het wat vandag hier in Suid-Afrika lewe. Ook ons word omgewe deur baie wat net vir hulleself lewe, wat onreg pleeg en misdad bedryf en by hulleself dink: God bestaan tog nie. Of: God sien dit nie, die God van Jakob merk dit nie (Ps. 94:7).

MAAR NATUURLIK SLAAP GOD NIE ...

Vanaf vers 8 sien ons 'n wending in Psalm 94. Die digter begin weer te besef wie God werklik is. Maar natuurlik het God sy kerk nie vergeet nie. Hy is mos aanwesig! Die almagtige en teenwóordige krag van God hou hemel en aarde in stand. Niks oorkom ons toevallig nie. Selfs onvrugbare jare, siekte, armoede val ons ten deel uit God se Vaderhand. En, hoe teenstrydig dit miskien mag klink, juis hiërdie besef gee die digter weer nuwe moed. God hét sy kerk nie vergeet nie. Ook al verkeer sy kerk in 'n benarde situasie. Dus roep hy almal op om nugter te wees – vers 9: "Sou Hy wat die oor plant, nie hoor nie, of Hy wat die oog formeer, nie sien nie?" "Die HERE ken die gedagtes van die mense – dat hulle nietigheid is." En dan merk ons hoe die digter in vers 12 steeds meer sig kry op God se voorsienigheid. God se voorsienigheid beteken nie

(vervolg vanaf bls 5)

gemeente. Die hantering daarvan kan van plek tot plek en van tyd tot tyd verskil. Dat die woord Amen as instemming op Christus se onderwysing uit die mond van die gemeente behoort te kom, is egter 'n saak van beginsel.

Amen!

BRONNELYS:

- Smelik, J. *En al het volk zegge: Amen I*, uit De Reformatie, Oktober 1997
- Smelik, J. *En al het volk zegge: Amen II*, uit De Reformatie, Desember 1997
- Trimp, C. *De gemeente en haar liturgie. Een leesboek voor kerkgangere*. Kampen 1983.
- Van Rongen, G. *Zijn schone*

dienst. Studies over die gereformeerde liturgie. Goes 1956.

¹ · Daar is talle voorbeelde waar die betekenis effens ander skakerings aanneem. C. Trimp se boek, soos vermeld in die bronnelys, gee 'n meer uitvoerige beskrywing hiervan op bladsy 95 en verder.

² · Indien u verder hieroor wil lees, sien die eerste Smelik-artikel soos vermeld in die bronnelys. □

dat jy oorlaai word met slegs lekker dinge in die lewe nie. God se voorsienigheid beteken nie vir 'n Christen dat hy die waarborg van 'n aangename lewtjie het nie. Dat dit 'n outomatisme is dat jy sal opgroei in 'n gelukkige gesin, dat jy verlief sal word en trou met die man of vrou van jou keuse, dat jy kinders sal kry, dat jy 'n goeie werk sal hê, dat jy meer as genoeg geld sal hê, dat jy vriende sal hê, dat jy oud sal word saam met jou lewensmaat, ens. ens. nie. "Welgeluksalig is die man, o HERE, wat U onderrig" (vers 12). Hierdie vers kan mens ook vertaal: Welgeluksalig is die man, o HERE, wat U kasty. Is dit nie so dat mense eers werklik na God begin luister, as hulle teëspoed ondervind nie? Daarom dat Paulus selfs durf te sê: "ons roem ook in die verdrukkinge ..." (Rom. 5:3) Teëspoed is geen teken van God se afwesigheid nie. Teëspoed kan – net so goed soos voorspoed – 'n aanwysing wees dat God se voorsienige hand jou lewe bestuur.

KONINGSPSALMS

Psalm 94 vorm deel van 'n groep psalms wat almal handel oor die koningskap van God, Psalm 93 t/m 99. Hierdie tema is in Psalm 94 nadruklik aanwesig. Die digter besef gaandeweg steeds sterker dat, ten spyte van mense wat goddeloos lewe en selfs die opregtes verdruk, ten spyte daarvan is en bly God Koning. Hy is die Regter van die aarde. Hy kan die God van wraak wees, as reg en geregtigheid herstel moet word. Hierdie benaming – God van wraak – hoef ons nie af te skrik nie. Dit laat mens juis opgelug asemhaal. In die ou Oosterse regsisteem was dit naamlik so onder die nomadevolke dat wanneer iemand vermoor is, dit die reg en plig van die familie was om – volgens bepaalde reëls – wraak te neem. Om die misdadiger dus te straf. In Psalm 94 word die HERE bestempel as die Persoon wat die vergote bloed van weduwee, wees



Geld alleen kan nie werklik iemand uit ellende help nie - Rembrandt skildery

en vreemdeling sal wreek. Mense wat geen familie het om vir hulle in te staan nie. Die HEER regeer, en Hy sorg dat sy regsorde gehandhaaf word. Hierdie besef kan ons in dae van teenspoed op die been hou. As ons onreg met lede oë moet aansien, miskien self moet ondergaan. My kom die wraak toe, sê die HERE. Hy sal op sy tyd die reg herstel. Alle skepsels is só in sy hand dat hulle hulle sonder sy wil nie kan roer of beweeg nie. So bied God se voorsienigheid houvas in 'n gebroke wêreld.

SIMPLISME

Al te dikwels word God se voorsienigheid op 'n simplistiese manier geïnterpreteer. Dit gebeur deur onkerklikes, maar ook deur kerkmense. As God se voorsienigheid sou beteken dat Hy vir hemel en aarde sorg, hoekom ly daar dan soveel mense honger? As God Koning is oor die hele aarde, hoekom woed daar sulke vreeslike oorloë op die aardbodem? As God in beheer is, hoekom kan byna 'n hele volk uitgemoor word. Dink aan die Jode in die Tweede Wêreldoorlog. As God mag het oor die natuur, hoekom is daar natuurrampe, oorstromings, aardbewings, orkane, weerlig ens?

Hierdie is inderdaad verskriklike dinge, en daar is mense wat op grond hiervan hulle geloof in God se voorsienigheid maar oorboord gooi. Hulle redenasie: As God voorsienig was, sou dit nie gebeur het niet. Nou het dit gebeur, dus God is nie voorsienig nie. Hy is nie in beheer nie. Hy staan op 'n manier ook magteloos teenoor die rampe. Hy ween sekerlik ook vanweë alle onreg en rampe. Hy ly saam met ons.

Tog is dit 'n simplistiese rede-nering. Dit is die boodskap van Psalm 94, soos nagespreek in die Heidelbergse Kategismus. God se voorsienigheid is een van die mooiste onderwerpe uit die Bybel. Maar helaas is dit vir sommige 'n omstrede saak. En, soos genoem, veral vanweë twee redes. In die eerste plek die beperktheid van die menslike verstand. Ons is nie in staat om God se voorsienigheid te verstaan, laat staan te verklaar nie. Dit sien ons goed in Psalm 94. Die digter kan nie begryp hoekom God die goddeloses hulle gang laat gaan nie. En 'n nommerpas antwoord vind hy ook nie. Wel vind hy berusting in God, in sy Woord, waaruit hy leer dat God ook in teëpoed wel deeglik in beheer is. Die tweede rede hoekom die voorsienigheid 'n omstrede saak is, is vanweë die opstandigheid van mense. Hierdie punt kan die beste geïllustreer word met die voorbeeld van die volksmoord op die Jode in bv. Auschwitz. As mense beweer dat God nie meer kan bestaan ná so 'n ramp, omdat as Hy sou bestaan Hy dit beslis sou voorkom het, dan draai hulle die saak onderstebo. Want dit was juis die Derde Ryk van Hitler wat niks meer met God te make wou gehad het nie. Hulle het God se wette ingeruil vir hulle eie. Dit was mense wat die weersinsewikkende ramp in Auschwitz laat plaasvind het. Die mensheid is daarvoor skuldig. Niemand kan God daarvoor kwalik neem nie. Die mense van toe wou niks meer met God te make gehad het nie.

IMMANUEL EN DIE MAAGDELIKE GEBOORTE

- Die probleem in Jesaja

Prof NH Gootjes

TEMA: GOD MET ONS

In die dae wat aan Kersfees voorafgaan, trek die Immanuel-profesie altyd weer baie aandag. Die rede hiervoor kan in die Evangelie van Matthéüs gevind word, waar Jesus en Immanuel baie nou aanmekaar gekoppel is. In sy weergawe van die geboorte van Christus plaas Matthéüs die profesie van Jesaja aangaande Immanuel sentraal. Hy begin deur te sê dat Maria swanger bevind is uit die Heilige Gees (1:18) en hy eindig die gedeelte deur te noem dat sy geboorte gegee het aan 'n Seun wat sy Jesus noem (1:25). Tussenin wys hy uit dat dit die vervulling was van 'n ou profesie van Jesaja, naamlik dat die maagd geboorte sal skenk aan 'n seun. As die posisie van die profesie van Jesaja in Matthéüs in aanmerking geneem word, is dit nie vreemd dat dit tradisioneel beskou is as 'n direkte profesie betreffende die maagdelike geboorte nie. Toe Handel in sy groot oratorium "The Messiah" hierdie profesie ingesluit het saam met die ander Ou Testamentiese aankondigings van die Redder se geboorte, was dit in ooreenstemming met die algemene opinie van sy tyd.

Desnieteenstaande die populariteit van hierdie standpunt is dit egter nie sonder probleme nie, soos Calvyn se eksegetiese aantoon. In teenstelling met Joodse kommentators, verdedig Calvyn die standpunt dat die Immanuel-profesie direk na Jesus Christus verwys. Volgens hom het sommige rabbynse verklaarders die profesie op Koning Hiskia toegepas. Calvyn skryf dit toe aan hul begeerte om onwaarhede te vertel, want Hiskia was ongeveer 15 jaar oud toe hierdie profesie gegee is. Ander Joodse Skrifverklaarders het dit beskou as 'n profesie aangaande die geboorte van 'n onbekende seun van Koning Agas. Calvyn stel direk die vraag: "Met watter reg kan iemand wie se lewe geëindig het sonder enige amp of glorie, Immanuel genoem word? Aan Hom is die hele aarde onderwerp". Calvyn noem nog 'n derde moontlikheid, naamlik dat hierdie profesie verwys na 'n seun van die profeet Jesaja self, maar hy verwerp dit sonder om die stelling eers te weerlê.

Vir Calvyn is dit duidelik dat Jesaja se profesie van Christus spreek. Toe Israel se koning geweier het

om vir 'n teken te vra dat Jerusalem veilig sal wees, het God self 'n teken gegee. Die beloofde Saligmaker sal kom. In Hom sal God sy heerlikheid onder die mense bekend maak. Dit is duidelik dat die Joodse teenstanders met wie Calvyn argumenteer, oor hierdie verklaring sal verskil. Calvyn noem wel hulle teenargument, naamlik dat dit in hierdie situasie dwaas is om 'n teken te gee wat eers agt eeue later sou verskyn. Volgens hulle kan 'n gebeurtenis wat so lank na die dood van Koning Agas geskied, nie as teken dien vir Agas en sy tydgenote nie.

Calvyn probeer die probleem oplos deur te verklaar dat Jesaja van twee kinders spreek. Die profeet behandel eers die volledige redding wanneer hy van die kind praat wat regtens God genoem word. Daarna behandel hy 'n spesifieke redding wat in die nabye toekoms sou plaasvind. Daar praat hy van 'n nuutgebore kind, of een wat binnekort gebore sou word. Om spesifiek te wees: Calvyn sien vers 14 van Jesaja 7 as 'n profesie van Jesus Christus en die volgende twee verse as 'n profesie van 'n kind wat in daardie dae gebore sou word.

(vervolg vanaf bls 7)

En dit is duidelik dat God hulle laat begaan het, en dan sien jy dus wat gebeur as mense vrye teuels kry. Kortom, opstandigheid verhinder 'n mens om nederig skuld te bely voor God. Opstandigheid verhinder 'n mens om sig te kry op God se voorsienigheid.

VOOR-ÉN TEËSPOED

Nogmaals wil ek benadruk: ons kan God se voorsienigheid nie verstaan nie. Hoekom Hy in sommige gevalle nie ingryp nie, en in ander gevalle wel deeglik. Ons kan dit nie verklaar nie, laat staan dat ons die Ewige ter verantwoording kan roep. Hoekom God toelaat dat mense deur rampe getref word – siekte byvoorbeeld – ook dit kan ons nie verklaar nie. Of

miskien beter gesê: ons kan dit net dele verklaar. God se Woord leer naamlik dat die gebrokenheid van hierdie wêreld sy oorsprong het in die sondeval van die mens. Juis hierdie besef hou ons nederig. Net soos Job kan ons nie met God redeword nie. Selfs al moet ons vir ons gevoel heeltemal onskuldig ly, soos by Job eintlik die geval was. Voor God se aangesig pas daar slegs één houding: op die knieë. Sy groetheid bely. Sy koningskap oor alles bely. Bely dat Hy aanwesig – teenwoordig – is, in voor- en teëspoed. As ons so in die lewe staan, bied die kennis van God se voorsienigheid 'n houvas in 'n gebroke wêreld. Dis die rede hoekom God ons in sy Woord iets vertel oor sy voorsienigheid. Om aan klein mensies houvas te bied. ☩

Calvyn is in 'n baie moeilike situasie. Aan die een kant kan hy nie saamstem met die Joodse verklaarders nie, want dan sou hy Jesus as Messias moet verwerp. Aan die ander kant moet hy toegee dat Jesaja 'n teken moes gee wat die mense van sy tyd kon aanskou. Sy oplossing is om Jesaja se profesie in twee duidelike dele op te deel, alhoewel dit voorkom asof Jesaja se woorde 'n eenheid vorm. Calvyn is 'n goeie voorbeeld van die probleem om Jesaja se profesie en Matthéüs se toepassing te verbind.

JESAJA SE PROFESIE (Jes. 7:14)

Ons moet Jesaja se profesie oor die Immanuel van nader bekyk. Dit is gespreek in 'n tyd toe oorlog die



koninkryk van Juda bedreig het. Twee konings, die koning van Israel en die koning van Sirië, het hulle magte saamgetrek om Juda aan te val. Ons sal nie die ingewikkelde politiese situasie van die tyd bespreek nie (1), maar dit is duidelik dat dit kritiek is vir Jerusalem, die twee stamme en die koninklike huis van Dawid.

Op hierdie tydstip word Jesaja gestuur om aan koning Agas van Juda te sê dat hy nie bang hoef te wees nie, want die brandende woede van hierdie twee konings is niks meer nie as die laaste gloed van brandende hout voordat dit disintegreer (Jes. 7:4). Jesaja word selfs toegelaat om aan Juda se koning 'n teken te gee. In die regte konteks gesien is hierdie teken duidelik bedoel om Agas se vertroue in God se woord te versterk. Daarby was dit iets wat God al voorheen gedoen het. 'n Parallel kan gevind word in die geskiedenis van koning Hiskia wat baie siek was en 'n profesie ontvang het dat hy volledig sal herstel. Hy kon tussen twee tekens kies: die skaduwee sou of tien grade vooruitgaan of tien grade agteruit. Hiskia het hierdie bemoedigende teken aanvaar en die moeiliker teken gekies, naamlik dat die skaduwee tien grade agteruit moet gaan (2 Kon. 20:8-11) (2). In vergelyking met Hiskia, het Agas meer ruimte vir keuse ontvang. Hy is vry om enige teken te kies – of in die diepste diepte of in die hoogste hoogtes. God wou Agas se moraal versterk, sodat hy die druk kon weerstaan, en nie op magte en verdrae sou vertrou nie, maar op God sy vertrou sou bly stel.

Dit is opvallend dat Agas weier om deur die teken versterk te word, onder die voorwendsel dat hy dit nie kan waag om God te toets nie. Die werklike rede was dat hy alreeds beplan het om teen God se wil te gaan en 'n verdrag met die magtige Assiriërs te sluit. Hy wou nie 'n teken sien nie. In hierdie situasie het God hom tog 'n teken gegee, selfs al wou hy dit nie hê nie: "Die maagd sal swanger word en 'n seun baar" In die volgorde van gebeure kan die teken slegs iets wees wat Agas self sou ervaar. As 'n bevestiging van God se profesie van veiligheid vir Jerusalem moet dit verwys na 'n gebeurtenis wat plaasgevind het in die dae van Agas en Jesaja (3). Calvyn se eksegese kan nie gehandhaaf word in die lig van wat Jesaja opgeteken het nie. Die Immanuel-teken moes verwys het na 'n gebeurtenis wat deur die koning self waargeneem is.

Dit beteken dat Jesaja nie direk praat van Christus se geboorte uit die maagd nie. Dit word bevestig deur verskeie ander elemente in die teks. In die eerste plek is die woord wat Jesaja gebruik, nie die normale woord vir maagd nie, maar vir 'n jong meisie van hubare ouderdom. Verder moet die naam van die kind Immanuel wees, en die seun van Maria is nooit Immanuel genoem nie – hy moes Jesus genoem word (Matt. 1:21). Daarby sal die kind wat in Jesaja genoem word, dikmelk en heuning eet, iets wat hoegenaamd geen verband met Jesus het nie. Wat die saak egter beklank, is die feit dat die land van die twee strydende konings vernietig sal word as die kind nog baie jonk is. Dit het binne drie jaar gebeur (sien 2 Kon. 16). Jesaja se profesie het werklikheid geword eeue voor die geboorte van Jesus Christus.(4)

DIE VERVULLING IN MATTHÉÛS

Dit bring ons terug by Matthéüs se gebruik van die Immanuel-profesie. As Jesaja 7 nie 'n profesie van die maagdlike geboorte bevat nie, waarom sê Matthéüs dat Jesaja 7 vervul is in die geboorte van Jesus Christus? (5) Wat bedoel Matthéüs met "vervul"? In werklikheid gebruik hy die woord verskeie kere as 'n

profesie vervul is. Dit sal help om na sommige Skrifgedeeltes te kyk om te sien in watter opsig iets vervul is. Die uitslag mag verskil met 'n mens se verwagtings.

Volgens Matt. 2:15 het Josef vir Jesus en Maria vir veiligheid na Egipte geneem. Dit was 'n vervulling van die profesie van Hosea 11:1 - "Uit Egipte het Ek my seun geroep". Selfs 'n vinnige blik op hierdie hoofstuk is genoeg om aan te toon dat die uitdrukking "my seun" in hierdie teks verwys na die mense van Israel en nie na die kind Jesus nie: "Toe Israel 'n kind was, het Ek hom liefgehad, en uit Egipte het Ek my seun geroep." Verder verwys Hosea na iets wat voor sy tyd gebeur het, maar Matthéüs praat van iets wat baie later gebeur het. Die begrip "vervulling" beteken hier nie dat iets deur Hosea voorspel is en in die tyd wat Matthéüs beskryf, gerealiseer het nie.

Iets soortgelyks kan gesien word in die ander voorbeeld van profesievervulling in Matt. 2. Hier word die slagting van jong seuntjies van Betlehem gesien as die vervulling van die profesie van Jeremia: "'n Stem is in Rama gehoor ..." (vs 18). Jeremia het gepraat van 'n gebeurtenis in sy tyd, gedurende die gevangeming van Israel. Dit kan duidelik gesien word in die verwysing van die Here na die terugkeer van Israel uit ballingskap (Jer. 31:16). In hierdie gevalle moet die woord "vervulling" aandui dat iets wat in die Ou Testament gebeur het, op 'n voller en groter wyse in die Nuwe Testament voorkom.(6) Ons kan probeer om dieselfde benadering op die Immanuel-profesie toe te pas.

Nog 'n oorweging is dat ons noukeurig aandag moet gee aan waar in Matthéüs 1 die Immanuel-profesie gebruik is. Dit is nie verbind aan die ontvangenis van Jesus nie, want dit word al voor dit (vs. 18) genoem. Ook is dit nie verbind aan die geboorte van Jesus nie, want dit word eers later vermeld (vs. 25a). Dit is eerder verbind aan die opdrag van die engel aan Josef om die kind van Maria Jesus te noem. Die engel benadruk dit dat die kind gekom het vir die vergewing van

sondes. Die gemeenskaplike faktor wat Jesaja 7 en Mattheüs 1 verbind, is verlossing. Tog, as Mattheüs van vervulling spreek, bedoel hy dat die verlossing wat hier genoem word, voller is as die een wat deur Jesaja genoem word. In die geval van Jesus Christus is die verlossing volledig.

In die dae van Agas was Juda in 'n moeilike situasie. Hy is deur twee nasies aangeval wat albei groter was as hyself. Dit is geen wonder dat die koning na 'n bondgenoot gesoek het nie. Jesaja bring egter die boodskap dat die koning nie bang hoef te wees nie, want God sal sy volk red. God belowe om sy uitverkore volk te bewaar teen oorweldigende opposisie. Die teken dat dit sou gebeur, was die kind wie se naam alles sê: Immanuel, God met ons.

Die verlossing waarvan Mattheüs spreek, is egter groter. Dit is nie 'n verlossing van vyande wat God se volk bedreig met onderdrukking en dood nie, maar die verlossing van sondes wat die uitverkorenes bedreig met vervreemding van God en die ewige dood.

Gedurende Agas se tyd het Israel se situasie so benard gelyk dat die koning gewerk het aan 'n verbond met die wêreldmag, Assirië. Die situasie van God se uitverkorenes is nog meer desperaat. Weens hulle sonde staan hulle veroordeeld voor 'n God wat 'n verterende vuur is. Maar God bring sy eie Seun in die wêreld d.m.v. die maagdelike geboorte en red sy uitverkorenes so van hul sondes. Jesus moet nie geïdentifiseer word met Immanuel nie; Hy is eerder die vervulling van die Ou Testamentiese Immanuel. Deur sy eie Seun in die wêreld te bring deur die maagdelike geboorte, wys God tot in die uiterste dat Hy met ons is.

Jesus Christus is die lewende bewys dat God werklik "met ons" is. God se uitverkorenes word nie alleen gelaat in die stryd teen die sonde nie. In Maria se seun het God die Messias gestuur wat die Verlosser is in die volste betekenis van die woord.



1. Sien verklarings.....
2. Ander, vroeëre tekens is dié wat aan Gideon gegee is (Rigters 6:36 e.v.) en aan Saul (1 Sam.10:1e.v.).
3. Ook die twee artikels wat in voetnoot (2) genoem word.
4. Van Bruggen, J. het die tradisionele eksegese soos gevind word in Calvyn, nl. dat Jesaja direk van Jesus Christus praat, weer laat herleef. Sien sy *Matteus: Het evangelie voor Israel* (Kampen: Kok, 1990), 42-44. Ons moet kortliks kyk na die drie hoofargumente wat sy interpretasie ondersteun. In die eerste plek noem hy dat Jesaja die woord gebruik vir "jong vrou" en nie vir "maagd" nie. Hy weerspreek die argument dan deur aan te toon dat daar geen melding gemaak word van 'n vader nie en dat die Griekse vertaling wat deur Mattheüs gebruik word, van "maagd" praat. Dit is nie 'n sterk argument nie, want die weglating van die vader se naam kan in die konteks anders verklaar word. Jesaja benadruk dat hierdie jong vrou haar seun "Immanuel" sal noem. Verder beteken die woord nie noodwendig "maagd" nie, soos ook in Griekse woordeboeke gesien kan word. Van Bruggen se tweede argument is dat Jesaja 7-12 'n eenheid is, en die profesie van Immanuel moet verstaan word in verband met die Messiaanse profesieë van 9:5,6 en 11:1-10. Hierdie argument van die wyer konteks is egter baie swakker as die argument van die onmiddellike konteks, wat praat van 'n gebeurtenis

- gedurende Koning Agas se leeftyd. Van Bruggen se derde argument het betrekking op die naam "Immanuel". Om die argument te weerlê dat Maria se seun nie "Immanuel" nie, maar "Jesus" genoem is, verwys hy na Matt.1:23 waar die meervoud gebruik word: "Hulle sal hom Immanuel noem". Dit ondersteun egter nie sy argument nie, want nêrens in die Bybel word Jesus Christus "Immanuel" genoem nie.
5. Zahn het geargumenteer dat dit nie die evangelis nie, maar eerder die engel is wat na Jesaja se profesie verwys het (sien *Das Evangelium des Mattaus*, 4.ed; Leipzig: A. Deichertsche Verlagsbuchhandlung, 1922), 80. Hy word gevolg deur Van Bruggen, *Matteus*, 42. Dit is onwaarskynlik in die lig van die gebruik van soortgelyke formules in Matt. 21:4 en 26:56, verwys na E. Lohmeyer, W.Schmauch, *Das Evangelium des Mattaus* (Gottingen: Vandenhoeck & Ruprecht, 1967), 16.
 6. Verwys vir die verskillende standpunte vir die verstaan van die vervullingstekste in Mattheüs na R.H.Gundry, *The Use of the Old Testament in St Matthew's Gospel* (Leiden: Brill,1967). Gundry het hierop uitgebrei in sy kommentaar op Mattheüs. Let veral op die stimulerende debatte oor hierdie tekste deur J.W.Smitt, *Opdat vervuld zou worden I, II* (Groningen: Vuurbaak, 1975f.); sien vir Matt.1:18, 44e.v.

Oorgeneem uit:
Clarion Vol. 48 Year End, 1999. ♣

ONTMOET DS ERIK VAN ALTEN EN SY GESIN

Harry en Wilma Pouwels

ONDERHOUD

Ons het die voorreg gehad om by ons “nuwe” predikant Erik, en sy vrou Tineke van Alten in hulle “nuwe” pastorie te gaan kuier. Ons doel was ’n onderhoud vir Kompas.

Die twee kerse op die sitkamertafel het nog maar net-net gebrand toe ons laatnag daar weg is. Ds en mevrou Erik en Tineke van Alten, predikant van die Vrye Gereformeerde kerk Maranata in Pretoria en hulle seuntjie Juhan het voor hulle vertrek na Nederland in April 2004, ook in Walterlaan in ’n pastorie gewoon, die sendingspastorie wat hulle gehuur het. Nou woon hulle weer in Walterlaan Waverley, in die nuwe pastorie, om van daaruit sy gemeente Pretoria-Maranata te bedien.

Ons heel eerste vraag aan Erik was hoekom hy vir predikant gaan studeer het:

Hoewel ek as kind reeds heelwat oefening gekry het met die “maak van preke” en “kerk-kerk” speel saam met maats, het ek in my laaste skooljaar redelik verleë gevoel oor die feit dat ek predikant wou word. Op dié ouderdom is dit beslis nie die “coolste” beroep nie. Daarom het ek besluit om Maatskaplike werk te gaan studeer.

Aan die einde van my eerste jaar het my ouderling in die Kaap, waar ek gebore is en grootgeword het, my kom besoek, en my gewys op my gawes om predikant te word. Dit is hoe die Here werk. Hy gebruik mense om ander se paaie te lei. So het dit gekom dat ek die jaar daarna met my BA tale begin het aan die universiteit van Stellenbosch. Hierna het my studies by die Teologiese Skool in SA begin saam met medestudent Axel Hagg.

Hoe het die Teologiese studies in Suid Afrika verloop? Omdat die dosente aan die teologiese opleiding nasionaal verteenwoordig was, het ons as studente afwisselend in die Kaap en Pretoria klas geloop. Na vier jaar, Maart 2004, op die jaarlikse Skooldag van die Teologiese skool van die VGK in SA, is die M.Div.-graad aan ons toegeken. ’n Graad wat deur die TS in eie verantwoordelikheid uitgereik word.

Vir die verwerwing van hierdie graad het ek ’n skripsie / tesis geskryf met die titel “Die evangelie vir Antiogië (Pisidië)” - ’n Eksegetiese studie van Handeling 13:13-52.

“Die Koning van hemel en aarde vergader sy kerk deur die verkondiging van vergifnis en regverdiging, en deur die vernuwing van die lewe deur die Gees. Christus gee in Lukas 24:46-48 die opdrag aan sy dissipels om deur sy bloed bekering en vergifnis van sondes te verkondig; in Handeling 1:8 belowe Hy sy Gees aan die dissipels om hulle vir hierdie wêreldwye opdrag te versterk; in Handeling 28:31 word die



sukses van hierdie opdrag gesien (prediking van die apostels) deurdat die Gees Homself aan hulle gee wat die Evangelie hoor en glo. In die vier Evangelies en Handeling vind ons die geïnspireerde, profetiese en geopenbaarde beskrywing van die geskiedenis van God se voortgaande en finale werk van verlossing en oordeel in sy Seun Jesus Christus. God wys in hierdie heilshistoriese beskrywing waarheen Hy met sy wêreld op pad is. In die kerkgeskiedenis van die VGKSA sien ons God se trou. Binne hierdie wêreldperspektief wil ek Paulus se toespraak in Handeling 13:16-41 stel” (verkorte paragraaf uit die inleiding van bg. skripsie).

Nadat jy jou studies in SA afgerond het, vertrek jy na Kampen om daar verder te studeer. Wat presies het die studies daar behels?

Die Universiteit in Kampen het die kurrikulum van die Teologiese opleiding in SA geëvalueer en daarvolgens aanvullende studies in sekere vakgebiede aanbeveel. Dit was omtrent ’n half jaar se voltijdse studie. Verder het ek soos almal in Kampen, gespesialiseer in ’n sekere vakrigting. My keuse was Dogmatiek. Hier het ek ’n tesis geskryf oor die leer van die Heilige Gees by Augustinus, in konfrontasie met ’n moderne teoloog. Met die afhandeling van hierdie tesis het ek my M.Th.-graad verwerf. Ek het ook in hierdie tyd die geleentheid gehad om my M-graad in klassieke tale by Stellenbosch klaar te maak. Hierdie studiejaar in Nederland was moontlik omdat ons finansieel ook die geleentheid gekry het.

Hoe het jy die opleiding by die TU in Kampen ervaar? Die opleiding is baie meer wetenskaplik van aard. Dit raak soms moeilik om jou studie met jou geloof te verbind. Tog het ek die wetenskaplike deel ook weer as baie verrykend ervaar. ’n Mens leer om op ’n wetenskaplike vlak te redeneer. Ook leer ’n mens die teologiese wêreld meer in diepte ken. Dit was ook ’n voorreg om met die dosente, waarvan ’n mens altyd net lees, kontak te kan hê en gedagtes te kan wissel. Die studente was ’n ervaring, baie meer studente waarmee mens omgaan in klasverband, hoewel ek nie regtig deel was van die sosiale sy van die studenteleeu

nie. Ons was baie betrokke by die gemeente waarby ons ingeskakel het. Daar het ons wonderlike mense ontmoet en nuwe vriende gemaak. Ons het die gemeenskap van die heiliges baie sterk ervaar. Hoewel dit baie moeilik is om in die “wêreldse” Nederland, kinders op te voed, het ons baie gesinne ontmoet waar daar met geloofsoortuiging ingegaan word teen die invloede wat daar is.

Hoekom het julle die beroep wat gekom het oorweeg? Die geleentheid om verder te studeer was tog daar? Dit is tog eintlik waarvoor ek gestudeer het? Om 'n predikant te wees en in 'n gemeente te staan. Ons het oopgestaan vir wat op ons pad kom en alles as uit die hand van die Here gesien. Ons het op 'n stadium verskeie mense genader om die moontlikheid van verdere studie te ondersoek. Maar vanuit die praktyk gesien is dit tog beter om eers ervaring op te doen voordat verdere studie aangepak word. Verder het ek ook in SA gestudeer en wil daarom ook my insette hier gee.

Ouer, ervaar kerklidmate kan jou ouderdom as 'n beperkende faktor in die uitvoering van jou amp beskou. Hoe voel jy self daaroor?
Die kerkraad het 'n predikant gesoek vir die gemeente Maranata, en my geskik geag vir die taak. So het die Here dit gelei dat ons nou hier mag werk. Ons staan oop vir voorstelle en vir opbouende kritiek. Die sosiale kontakte tydens ons ontmoeting met alle ouderdomsgroepe in die gemeente, was baie positief, en het ons gewys op die groot taak wat vir ons wag. God het ons hierheen gelei, God sal ons ook hierin lei.

Tineke, 'n Predikant se vrou is nogal 'n statussimbool in ons land. Dink jy daar word daarom meer van jou verwag?

Nee, my hoofsaak lê hier by die huis; om Erik te ondersteun in sy taak, hom te help in sy denkprosesse, en in die versorging van ons gesin as 'n geheel. Ek geniet ook die opvoeding en ontwikkeling van Juhan en ons sien uit na die nuwe baba wat DV einde Januarie gebore word.

Erik het tydens sy besoek aan Australië vir die kerkraad gevra wat hulle van 'n predikantsvrou verwag, waarop hulle geantwoord het: “Sy moet 'n goeie vrou vir haar man wees”. In daardie lig sien ek dit ook. Erik beklemtoon dan ook die “agter die skerms-ondersteuning” wat Tineke gee. Sy gee raad en help saamdink.

Het julle enige langtermyn doelwitte?

Ons wil graag deel wees van 'n gemeente wat vanuit God se Woord lewe, wat soos 'n Lig op 'n berg skyn. Daar is dikwels min bewustheid van wat alles in die gemeente en kerkverband gedoen word. Ons dink hier byvoorbeeld aan 'n ywer vir, en betrokkenheid van die gemeente Maranata by sending. Ons is 'n sendende kerk! Verder kan 'n mens ook dink aan bewustheid rondom sake soos Teologiese opleiding en Gereformeerde Onderwys. In kort: 'n Geestelike gesonde gemeente waar die kommunikasie oop en eerlik is.

Erik staan nou in diens van die Here en in diens van sy gemeente in Pretoria-Maranata. Ons dra hom in sy taak en hulle as gesin saam, in gebed aan die getroue God op! ✠

Geloofsmaniere vir God se huis – 1 Timotheüs

Ds E Viljoen

VENSTER OP DIE BYBEL

Die apostel Paulus skryf sy brief aan Timotheüs, maar die gemeente in die stad waar die jong predikant werk (Efese), mag ook oor sy skouer saam met hom lees. By die versameling van die briewe van die Nuwe Testament word hierdie brief gereken as een van die “pastorale” briewe. Dit is 'n brief geskryf in die eerste plek vir 'n pastor, maar natuurlik gerig op die gemeente waar hy besig was met sy werk. Al is die brief aan een persoon gerig, is dit duidelik nie die bedoeling dat dit net vir sy persoonlike lewe bedoel is nie.

GEDRAG WAT PAS BY DIE EVANGELIE

Die brief word aan hom geskryf sodat hy as pastor kan weet en kan leer (natuurlik!) *hoe iemand hom*

moet gedra in die huis van God (1 Tim. 3:15). Geloofsmaniere, of gemeentemaniere as jy dit so wil noem – daarvoor gaan dit in hierdie brief. Verskillende groepe mense in die gemeente word via Timotheüs aangespreek oor hul gedrag wat pas by die Here se bedoeling met sy gemeente en die Woord wat hulle daar saam gebruik. Soms spreek hy manne aan oor hulle rol in die gebede van die gemeente (1 Tim. 2:8). Soms ook in byna dieselfde asem die vroue (1 Tim. 2:9-15). Die oudstes en hulle helpers word gehelp om hul werk só te doen dat dit pas by die evangelie wat die bedoeling het om sondaars te red (1 Tim. 3:1-13). Helpende weduwees moet hulle diakonale werk só doen dat daar van die



evangelie nie kwaad gepraat kan word nie (1 Tim. 5:5-8).

HUIS VAN GODSALIGHEID

In hierdie besondere huis hoort dus uitsonderlike maniere. Jy moet weet hoe jy jou in hierdie huis moet gedra. In die gemeente in Efese was daar sommige wat nie geweet het hoe hulle hul in die gemeente moes gedra nie. Dit was veral sommige wat leraars van die waarheid wou

wees. Die mooi evangelie is deur hulle onaantreklik gemaak. Hulle het die Woord nie gebruik om son-
daars terug na God te bring nie. Die Woord was gebruik om twisvure aan te blaas (1 Tim. 1:4). Die Here wil dat dit anders moet wees. Die gemeente is nie 'n plek vir twisvrae en gevegte oor beweerde geheime in die Woord nie.

In Efese was daar leraars van die Woord wat dit wat hulle gesê het, nie verstaan het nie (1 Tim. 1:6-7). Dit was niks meer as onsinnige praatjies nie. Wanneer die Woord só gebruik word, maak dit die werk van leraars van die Woord baie onaantreklik. Iets waarvan mens eerder afstand wil neem. Maar só mag daar nie na die onderrig in die evangelie gekyk word nie. Daarom herinner Paulus vir Timotheüs: as iemand graag die werk van 'n opsiener in die gemeente wil doen, begeer hy 'n mooi werk (1 Tim. 3:1b). Dit is werklik 'n mooi werk om ander uit die Woord te leer.

Daar is immers niks fout met die Woord nie. Die Woord is betroubaar (1 Tim. 3:1a)! 'n Woord wat geglo wil word. 'n Woord wat vertel dat Christus Jesus in die wêreld gekom het om sondaars te red (1 Tim. 1:15). Uit die Woord leer ons God ken as Verlosser en die Here Jesus Christus as ons Hoop (1:1). Omdat hierdie Woord so betroubaar is, is dit werklik 'n mooi werk om as opsiener vir die gemeente te wil sorg. By hierdie betroubare Woord ***pas dan ook 'n sekere manier van opsiener wees.*** 'n Manier wat goed onderskei word van *die wat leraars van die wet wil wees, maar die dinge wat hulle met soveel sekerheid beweer, self nie eers verstaan nie* (1:7). Hierdie leraars hou hulle besig met geheime en eidelose geslagsregisters, maar voed die gemeente nie op in die geloof nie.

Paulus beskryf nou wat die vereistes is van iemand wat as opsiener / ouderling in die gemeente mooi werk wil doen. As iemand se lewe lyk soos dit wat hy nou gaan beskryf, dan gedra hy hom soos wat dit pas in die huis van God. Die mooi werk van iemand wat oor die gemeente toesig wil hou deur te

leer, moet dit ook op 'n *voortreflike* (mooi) manier doen! Opsieners moet by uitnemendheid mense wees wat 'n stil en rustige lewe lei. 'n Godvrugtige lewe in alle waardigheid (2:2). Daar geld geen aparte lewensstyl vir die ouderlinge nie. Maar hulle is wel in hulle lewensstyl onberispelik.

Dit is nie net die ouderling wat so onberispelik moet leef nie. Die mooi manier waarop die ouderling sy werk doen, moet ook gesien kan word in die uitstraling van almal in die gemeente wat die ouderlinge behulpsaam is en wie se werk as dienswerk gekenmerk word. Daar is naas die ouderlinge ook ander mense met spesiale gawes in die gemeente. Paulus noem in die eerste plek die ***diakens***. Ook hulle optrede in die gemeente moet nie die verkondiging van die verlossende evangelie teësprek nie. Hulle moet hul werk doen op presies dieselfde waardige manier as die ouderlinge. Dit moet duidelik wees dat hulle gelowig is en met 'n rein gewete leef (3:9).

Naas die diakens was daar ook spesifieke vroue wat dienswerk verrig het. Ons sal hulle later weer in hoofstuk 5 ontmoet. Óok hierdie vroue, wat ons in ons gemeente as "wyksusters" ken, moet waardig wees en geen kwaadspreeksters nie. Dié wat hulle op hierdie manier goed gedra in die gemeente, verkry 'n eervolle plek; hulle word geëer as mense wat 'n mooi werk in die gemeente doen. Hulle kry ook werklik veel vrymoedigheid in die geloof in Christus Jesus (3:13).

DIE GEHEIM VAN GOEIE GELOFSMANIERE

Wat is dit dan nou wat hulle so 'n groot vrymoedigheid gee? Dit is 'n *geheimenis*. 'n Misterie!! Dit is nie 'n misterie soos dié wat mense ontdek wanneer hulle hul besig hou met fabels en eidelose geslagsregisters nie. Die misterie van 'n waardige lewe is nie iets waarvan ons niks weet nie. Dit is 'n misterie, ***omdat dit iets is wat nie vanuit die mense self kom nie.*** Die misterie wat die bron van hierdie gods-
vrug is, is groot (3:16a). Goeie geloofsmaniere is nie iets wat ons self kan produseer en in onself

bewerk nie. Hierdie ware stil en rustige en waardige lewe het sy bron in God self!

Die groot geheim van hierdie gods-
vrug lê in ***God wat geopenbaar is in die vlees*** - ons Here Jesus Christus wat in die wêreld ingekom het om sondaars te kom red!! Om sondaars goeie geloofsmaniere te ***gee***. Uit genade uit te deel. Die geheim van die waardige godvrugtige lewe lê in Christus wat geregverdig is deur die Gees. Dit lê in die Gees wat vanuit die hemel op aarde neergedaal het om Christus se onskuld op aarde te verklaar; die Gees uit die hemel doen reg aan Hom as die Een wat onskuldig gekruisig is vir sondaars – Hy is geregverdig in die Gees. Hy het verskyn aan engele – hulle wat rondom die troon van God is, moes voor Hom buig. Dit is Hy wat verkondig is onder die heidene; verkondig is aan sondaars; hier in die wêreld is Hy geglo. Sondaars het hulle vertroue op Hom gestel. Hy is nou opgeneem in heerlijkheid. Hy sit aan die regterhand van God. Magtig om sondaars soos ons te red. Magtig om sondaars 'n "god-salige" lewe te laat lei. Vanuit sy hemelse heerlijkheid ons 'n rein gewete te gee.

BOEK MET 'n DOEL EN 'n ADRES

Ons lees in 1 Timotheüs 1:9 dat die Bybel nie gegee is vir die regverdige nie, maar vir die wettelose en tugtelose mense. Pas hierdie beskrywing ook vir u? Hierdie vraag is só belangrik, omdat die Bybel self nie in die gemeente reg gebruik kan word as daar nie rekening gehou word met die adres aan wie die boodskap van die Bybel gerig is nie. Die Bybel is 'n mooi boek as dit goed en reg gebruik word (1 Tim. 1:8). Volgens sy eie bedoeling. Elkeen wat die ***adres*** op die Bybel nie goed lees nie, verstaan nie wat hulle lees nie. Hulle gaan hulself besig hou met vrome betekenislose gebabbel. *Onsinnige praatjies*, noem Paulus dit! Die Bybel word net reg gelees wanneer ons onthou dit is nie gegee vir regverdiges nie, maar vir wettelose en tugtelose mense.

Daar was mense in Efese wat hulle besig gehou het met redetwis en woordstryd (1:4; 6:4, 20). Waar-
mee het dit alles begin? Sekere persone het die Bybel begin hanteer

asof dit geen spesifieke adres het nie. Die Bybel is gebruik vir 'n ander doel as waarvoor God, ons Verlosser, dit gegee het. Ons moenie dink dat ons die Bybel altyd op 'n goeie manier gebruik nie. Gereelde gebruik van u Bybel kan veroorsaak dat die adres op u Bybel begin verweer. Laat ons goed kyk vir wie die Bybel bedoel is. Ons vind 'n lang lys van mense. Dit is nie 'n mooi lys nie. Dit klink na 'n lys van die tipe mense van wie ons lees in skindertydskrifte, die agterblad van die Sondagkoerante en van wie ons hoor in die skokberigte van die radio- en televisie-uus.

Kyk maar in verse 9 en 10! *Wettelose mense* – mense wat hulle op geen manier laat inperk nie; hulle begaan nie maar in 'n swak oomblik iets onbehoorliks nie. *Tugteloses* – dit is mense met die mentaliteit van sokkerboewe en voorbokke in revolusies. *Goddeloses* – dit is die persone in die samelewing wat niks van godsdiens, wat nog van die Christelike geloof, wil weet nie. *Vader- en moedermoordenaars* – ons ken hulle as die tipe mense wat glad nie weet hoe om op enige manier respek vir hul ouers te toon nie. Hulle sal ook nog, as pa in hoë

ouderdom siek en swak geword het, met die netjiese woord “genadedood” eerder gouer as later die erforsie in besit neem. *Homoseksuele* – mense wat verkeerde seksuele praktyke het en ook nog goedpraat.

Die Bybel is vir **hierdie** soort mense. As u uself glad nie kan herken in hierdie lys nie, dan kan u begin wonder of u Bybel dan vir u bedoel is. Dalk voel u dat u dan maar liever u Bybel kan skenk aan iemand wat dit wel nodig het! Paulus se brief is egter heel duidelik oor wie die mense is vir wie die Bybel **nie bedoel is nie**. Die wet is nie gegee vir die *regverdige* nie (1 Tim. 1:9a). Die vraag is maar of ons onself nog raaksien as hulle wat die Woord nodig het.

Die Bybel is geen “kennisboek” nie, maar 'n boek waardeur wettelose en goddelose mense bekering kan ontvang. Die Skrif is goed. Dit moet net reg gebruik word (1:8). Word dit nie reg gebruik nie, lei dit net tot twisvrae en betekenislose praatjies. Die doel van die onderrig uit die Skrif is: *liefde uit 'n rein hart en 'n goeie gewete en 'n ongeveinsde geloof* (1:5). Liefde wat voortkom uit 'n hart wat gereinig is van 'n

donker sondeverlede, 'n gewete wat goed is deur die bloed van Christus en geloof wat op God ons Verlosser vertrou en die Here Jesus Christus het as enigste Hoop.

Dit is die evangelie wat aan Paulus toevertrou is (1:11). Die evangelie van die *salige God*, noem Paulus dit – dit is die evangelie van God wat “salig maak”. Dit is 'n *gesonde leer* (1:10) – dit gee gesondheid vir sondaars wat tot die dood toe siek was! Die Skrif wil liefde in die gemeente stig en laat toeneem. Nie een van ons hoef dus ons Bybels weg te gee nie! Ons het dit so dringend nodig! Ons moet dit wel lees: in ons huise, in ons binnekamers en op ons Bybelkringe, met die doel om uit te vind hoe ons liefde kan toeneem uit rein harte, goeie gewetens en opregte geloof. Hier lê die voedingsbodem vir die toerusting van broeders om goeie diakens en ouderlinge te wees. Vir vroue om ingeskakel te word by allerhande vorme van dienswerk binne en buite die gemeente. Dit is die voedingsbodem vir 'n gemeente wat weet hoe om ampsdraers aan te wys. Dan kan ons ons goed en reg gedra in die huis van God wat 'n toevlugsoord vir sondaars is. ☩

IS DIE BYBEL DUIDELIK OOR HOMOSEKSUELE VERHOUDINGS?

Prof JA deBruine

SAMELEWING

Binne Skrifgetroue kerke bly daar diskussie oor homofilie. By die Algemene Sinode te Amersfoort in Nederland is daar tans 'n versoek om 'n studiedeputaatskap aan te stel om dit te ondersoek. Die Deputate van Huwelik & Egskeiding het die kritiek gekry dat hul benadering oor die toepassing op homofilie 'n verkeerde uitkoms sou hê. Die Christelik Gereformeerde Kerke soek tans helderheid rondom 'n verdraagsame beleid in die kerk van Zwolle.

In verskillende gemeentes bestaan daar protokolle wat onder sekere voorwaardes die saamleef met ho-

mofiele gemeentelêde reël. Onlangs het die *Gereformeerde Kerkblad* vir “midde” en “suid” (58/11, 28 Mei 2005, 2) deur ds HJ Messelink 'n beleidsgeskrif hieroor aangebied. In twee artikels wil ek ingaan op twee punte wat volgens my tans in hierdie situasie belangrik is. Hoe kan jy vandag as kerk oor homoseksuele verhoudings 'n oortuigende Bybelse boodskap uitdra? Vervolgens: watter positiewe sin kan dit hê dat Christene homofiel of lesbies is?

PLATGESLAAN

Die gesprek oor die vraag wat leer die Bybel ons rondom homofilie,

het gestagneer. Sowel voor- as teenstanders van homoseksuele verhoudings het al so baie op dieselfde aambeeld gehamer dat die argumente al almal platgeslaan is. Dit is vir my 'n baie gevaarlike situasie. Want so ontstaan die idee dat die Bybel hieroor nie so duidelik is nie. Sê die bekende tekste oor homofilie dan tog miskien nie dit wat ons nog altyd gedink het daar staan nie? Dit dring ook goue deur in die pastorale versorging. As pastor erken jy: dit is 'n moeilike probleem, jy kan die Bybeltekste inderdaad verskillend uitlê, maar veel verder kom ons nie. So groei daar 'n soort aanname en gee jy by voorbaat krediet aan 'n ander konklusie. Dit word dan 'n probleem om samestemmend een Bybelse weg te wys. Uiteindelik staan ons al hoe minder op dieselfde lyn hierin. Ek kan dit nie bewys nie, maar tog kry ek die gevoel dat daar onder ortodokse Christene 'n geleidelike verskuiwing

aan die gang is ten opsigte van ons houding teenoor homofilie.

SIMPTOME


Is dit erg? In elk geval niks erger as die ander verswakkinge van insig of van lewenstyl nie. Baie Christene het 'n ekstra groot afkeer van "homoseksualiteit". Maar in die lig van die Bybel konkludeer ek dat God se afsku oor egoïsme en oneerlikheid met geld en goed (genotsug, swartgeld, ens.) of oor die harde oordeel oor mekaar in die kerk, in elk geval op sy minste ewe groot moet wees as oor verhoudings van homofiele wat al worstelend kies vir 'n noodoplossing. Dit word gou skynheilig om ekstra te fokus op bepaalde sondes, let wel, van mense wat meestal in groot nood verkeer, en intussen ander sondes (wat moontlik baie makliker afgeleer sou kon word) te verkleineer. Tog beteken dit natuurlik nie dat ons 'n moontlike verskuiwing rondom homofilie in 'n "Eli-houding" oor ons moet laat gaan nie. Want die verskuiwing vorm 'n simptome van die diepere probleme. Ons kan met ons etiek effens vasloop met so 'n gebruik van die Bybel. Dan het ons ons Christelike lewe ontbind in 'n reeks los beslissings op grond van direkte Bybeltekste. Die raamwerk hierom, wat juis rigting aan ons moet wys, het ons daarby soms uit die oog verloor. Maar as dit verander, sal die boodskap rondom homoseksualiteit oortuigender klink. Dit is in vandag se tyd nodiger as ooit.

NIE OUTOMATIES NIE

Met baie etiese onderwerpe is ons geneig om na Bybeltekste te soek wat direk daarvoor gaan. Hierdie tekste lê ons so goed as moontlik uit. Ons verbind die resultate met mekaar en so vind ons die Bybelse rigting. Dit gebeur ook met homofilie. Maar hierdie werkswyse vind ek om meerdere redes minder gepas.

Dit is in die eerste plek metodies. Die Bybel wys ons 'n pad vir ons hele lewe, nie net vir konkrete onderwerpe waarvoor die Bybel direk iets sê nie. Ook by temas waarvoor die Bybel nie direk praat nie, gee die Bybel steeds rigting. Daaruit kan ons leer dat hierdie "rigting wys" in die Bybel eerder begin en

op iets diepers vassit as net die konkrete gepraat oor die konkrete temas. Ook as die Bybel oor sekere temas wel iets sê, moet jy tog altyd eers begin by die fundamentele basis en nie dink dat die konkrete tekste, wat altyd 'n seleksie uit die geheel vorm, voldoende is nie. Daarom vind jy ook nie die rigting wat die Bybel rondom homofilie wys as jy net maar luister na al die direkte tekste daarvoor nie.



NIE OOR DIESELFDE NIE?

Dit lyk "toevallig" dat die Bybel oor sekere onderwerpe iets sê en oor ander niks sê nie. Dit het te doen met die feit dat die Bybel vertel oor die konkrete geskiedenis van God se werk te midde van konkrete mense in 'n sekere tyd en onder sekere omstandighede. Daardeur kan dit soms lyk asof 'n Bybelteks direk gaan oor 'n verskynsel van vandag, terwyl dit by nader insien tog anders is. So sê die Bybel iets oor "rente ontvang". As ons dit egter van naderby bekyk, het "rente" in die Bybelse tyd nie dieselfde betekenis as vandag nie. Kan jy daarom vandag niks van hierdie tekste leer nie? Verseker kan jy. Maar dit werk anders as dat jy direk uit so 'n teks kan aflei wat jy vandag moet doen. Ook rondom homofilie moet jy eerlik die moontlikheid oorweeg dat die "homofilie" wat ons in die Bybeltekste teëkom, nie dieselfde is as die "homofilie" van vandag nie. Net soos ds Messelink, vind ek dit begryplik dat Christen-homoseksueles hulself nie direk herken in die beeld wat Paulus in Romeine 1 van homoseksualiteit skets nie. Want in Romeine 1 heers 'n atmosfeer van uitspattigheid. Is dit op jou van toepassing as jy verlang na 'n vaste vriendskap met een "partner"? En die homoseksueles uit Romeine 1 het die natuurlike

omgang "opgegee". Volgens 'n eksegeese wat minstens oorweegbaar is, beteken dit dat hulle eintlik heteroseksueles was wat bewustelik gekies het vir homoseksuele omgang. Is dit dan oor jou geskryf, as jy as jongman van 17 tot jou eie skrik ontdek dat jy nie verlief raak op meisies nie, maar op seuns?

NIE WILLEKEURIG NIE

Daar is nog 'n rede hoekom dit belangrik is om nie maar net te fokus op tekste wat direk praat oor homoseksualiteit nie. Dit gee sommer die indruk dat God se wil bestaan uit 'n reeks los en ietwat willekeurige opdragte. In die pastoraat word soms vir homoseksueles gesê: "Hoekom God dit so wil hê, weet ek ook nie; persoonlik sou ek jou wel 'n vriend of vriendin gun, maar dit staan nou maar eenmaal in die Bybel dat dit nie mag nie." So 'n opmerking kan ons waardeer, omdat daaruit blyk dat ons ook teen ons eie gevoel in voor die Bybel wil buig. Maar dit klink tegelyk magteloos en onoortuigend. God se wil is uiteindelik 'n eenheid. En op verreweg die meeste punte kan jy vanuit die geheel van die Bybel ook begryp of aanvoel waarom God dit van jou vra. God se wil pas regtig by God self, by sy werk en by hoe Hy dit met ons as mense bedoel het. Juis as jy leer om God se wil in hierdie lig te sien, ervaar jy die oortuigingskrag. Wie wil oortuig, moet meer doen as om los morele konklusies te trek uit enkele direkte Bybeltekste.

'n GEHEELBEELD

Wat hou hierdie "meer" in? Op die een of ander manier moet jy begin by die geheel van die Bybelse boodskap. Elke Christen wat hom op die Bybel beroep, werk bewus of onbewus vanuit 'n beeld van hierdie geheel. Hierdie beeld stuur jou Skrifgebruik en verklaar soms dat mense met dieselfde tekste in verskillende rigtings dink. Ons is reeds van ouds af met hierdie gerefomeerde Bybeluitleg vertrou. Want ons lê die Bybel uit in samehang met ons belydenis. Ook Christene wat nie 'n offisiële belydenis het nie, kan nie voorkom dat in hulle omgang met die Bybel, hul sentrale geloofsoortuiging altyd 'n sturende

rol vervul nie. Jou belydenis verwoord die geheelbeeld van die Bybelse openbaring.

Iets dergeliks speel op 'n toegespitste manier ook as jy die Bybel gebruik in die etiek. Daarin werk, bewus of onbewus, jou "etiese belydenis" deur. Wat is God se bedoeling met ons lewenstyl en etiek? Watter rigting word deur die Bybel aan ons gewys?

LAASTE TRAJEK

Sommiges sien die liefde as beeld van hierdie geheel. Wat nie by die liefde pas nie, sê hulle (soms onbewus), kan nie goed wees nie. Ander werk vanuit die gedagte dat God in sy skepping wetmatighede ingebou het, universele skeppings-ordeninge. Die Tien Gebooe vat hulle saam. Self dink ek dat jy dit moet soek in 'n samevatting van die geheel van God se werk soos die Bybel daarvoor vertel. Daarin gaan dit oor die skepping, oor God se werk deur Israel, om sy redding in Christus en om sy gang na die komende koninkryk. Daarvan vorm die persoon en die werk van Christus die hart. Dan sou jy die etiese "hoofboodskap" byvoorbeeld so kan saamvat: *"God vorm rondom Jesus Christus die gemeenskap van die Nuwe verbond, wat moet leer om Christus te volg op die weg via die kruis na sy nuwe skepping"*. God het 'n lang roete deur die geskiedenis gemaak: van sy skepping waarop die sonde inbreuk gemaak het, tot sy koninkryk. Christus bring hierdie koninkryk uiteindelik naby vir sondige mense. Met die oog daarop versamel Hy sy gemeente voor die beslissende laaste trajek van God se geskiedenis. Geborge in Christus gaan ons 'n pad van lyding tot heerlikheid agter Hom aan. In die hede van die ou wêreld vorm Hy ons in die lewenstyl van die komende, die styl van die koninkryk. In hierdie perspektief staan alle konkrete gebooe en verdere rigting-wysers vir vandag wat ons in die Bybel vind. Hier begin ons lewenstyl en dit bepaal al ons etiese beslissings.

HUWELIK EN SEKSUALITEIT

Al sou die Bybel niks oor 'n onderwerp sê nie, moet ek altyd leer om

die vraag te vra: watter rigting volg op hierdie punt uit die etiese hoofboodskap? Maar ook as die Bybel wel iets oor 'n onderwerp sê, moet dit die vraag wees. Ook ten opsigte van homofilie. Om hierdie hoofrigting van God se wil goed op homofilie te betrek, moet dit eers toegepas word op die raamwerk waarin homofilie staan: naamlik die raamwerk van menslike relasievorming en seksualiteit. Juis op hierdie punt gaan God 'n duidelike weg deur die geskiedenis.

Genesis 1 en 2 leer dat die polariteit van man en vrou fundamenteel is vir die manier waarop God ons geskep het en ook vir die ontstaan van die basisrelasie van die huwelik: man en vrou is daartoe bestem om saam 'n verbond te sluit en daarbinne heeltemaal een te word. Binne hierdie raamwerk staan ook die seksuele omgang as uiting van hierdie eenheid.

By Christus word egter duidelik dat God se doel verder reik. Dat die verbond tussen man en vrou in diens staan van die band tussen Christus en sy gemeente. In die komende koninkryk word die huwelik daarin vervul. Dit beteken dat ook die onderlinge seksuele omgang van man en vrou daarin vervul sal wees. Seksuele omgang blyk geen doel op sigself te wees nie, maar 'n middel. Dit is 'n intense manier om liefde te kommunikeer en in die gee daarvan tegelykertyd te ontvang in 'n gesamentlike ervaring van geluk en genot. Tegelykertyd sorg juis dit vir die uitbreiding van die mensheid. Dat hierdie laaste aspek in die koninkryk nie meer nodig is nie, dit sreek vanself. Maar ook van die eerste moet ons aanneem dat dit vervul sal word in iets wat verder reik. Sonder die spesiale band tussen man en vrou sal ons in die band met Christus en met mekaar op 'n nuwe manier liefde kommunikeer. En saam volmaak geniet en gelukkig wees met Christus en met mekaar in 'n diepgang wat ons denke en ervarings van nou te bowe gaan.

RELATIVERING

As die bostaande reg is, bewerk die nadering van God se koninkryk

'n relativering van huwelik en seksualiteit in die bestaande vorm. Dit is nie langer net maar "normaal" dat mans en vroue trou en in dié raamwerk die gawe van die seksualiteit vier nie. In 1 Korinthiërs 7 sê Paulus dat ook om ongetroud te bly vir 'n Christen 'n "normale" manier van lewe is. En in Matthéüs 19 leer Christus ons dat jy ter wille van die koninkryk "jouself onbekwaam kan maak". Daarmee sinspeel Hy op 'n lewe van seksuele onthouding. Van beide moontlikhede vorm Jesus self die groot voorbeeld. As jy net kyk in die lig van die skepping, is ongetroud bly en seksuele onthouding onnatuurlik. Daarom voel dit ook baie keer as 'n gemis. Maar in die lig van die koninkryk ontdek jy in dié manier van lewe 'n voorsmaak van die vervulling van die huwelik en seksualiteit wat gaan kom. Binne die Christelike kerk behoort huwelik en ongetroud wees volop voor te kom en ook gelykwaardig te wees. En sowel getroudes as ongetroudes moet leer om hul eerste vervulling te soek in die band van liefde wat ons saam met Christus het. Ook via opvoeding en kategeese moet ons mekaar nie alleen vorm en voorberei met die oog op 'n vaste verhouding nie, maar ook met die oog op 'n ongetroude lewe.

HOMOSEKSUELE RELASIES

Hierdie toepassing van die etiese hoofboodskap van die Bybel werp 'n helder lig op homoseksuele relasievorming. Vir sover dit daarby gaan oor 'n variant wat herinner aan wat wesenlik is vir die man-vrou-verhouding, pas dit nie by God se oorspronklike skepping van man en vrou nie. Tegelykertyd pas dit ook nie by die vervulling in God se komende koninkryk nie. Want dit bring wel 'n relativering van die huwelik, maar dit is ook tegelykertyd 'n relativering van seksuele omgang as sodanig. Die alternatief lê dan ook nie in die openheid vir min of meer vergelykbare ander "partner"-relasies nie, maar in die afsien daarvan binne die raamwerk van die Christelike gemeenskap.

Homofilie is een van die baie gevolge van die versteuring wat die sondeval meegebring het in die lewe van ons almal. En as mense in eie


verantwoordelikheid kies vir 'n homoseksuele relasie wat min of meer afgelei is van die man-vrou-verhouding, is dit sonde. In die letterlike betekenis van sonde: dan mis jy God se doel met die lewe. Hierby moet volgens my ook die liggaamlike kenmerke 'n groter rol speel as wat dikwels gebeur. Die moderne westerse kultuur het afstand geneem van elke denkwyse op basis van 'n voorgeskrewe natuurlike orde. Ons skep as mense self ons orde. Ook die geskape struktuur van die menslike liggaam geld vir baie nie langer as 'n grens nie. Maar as jy God erken as die Skepper moet jy die risiko van hierdie denkwyse deursien. Ook die geslagsorgane van die manlike en vroulike liggaam onderstreep die bedoeling van die Skepper. As Paulus in Romeine 1 praat oor "natuurlik" en "onnatuurlik" dink hy waarskynlik self in die eerste plek daaraan.

VANWEEË DIE VREUGDE

Nou het ek twee aspekte uitgelaat uit die etiese hoofboodskap, soos ek dit geformuleer het. Die *gemeenskap* van die nuwe verbond volg Jesus op die weg van die *kruis*. Om Christus te volg, kan slegs as jy agter Hom aan jou kruis opneem. Konkreet beteken dit: jouself heeltemal oorgee aan Christus en jou deur Hom 'n nuwe identiteit laat gee. Dit is op die eerste gesig 'n pynlike weg wat teen jou diepste "ek" ingaan. Hy maak 'n einde aan jou ou lewe. Maar juis langs hierdie weg maak Jesus deur sy Gees jou lewe nou en later nuut.

Om hierdie kruis te dra is geen harde wet nie. Dit is 'n aspek van die gemeenskap met Christus. En

in die band met Christus lê volgens die Bybel en volgens die ervaring van elke egte Christen 'n "onuitspreeklike blydskap" (1 Petrus 1). Die Bybel sê dat ook Jesus vir die vreugde wat Hom voorgehou is, die kruis verdra het (Hebreërs 12:2). So word dit ook by ons bedoel. Jy vind in God jou hoogste geluk. Jesus is die skat vir jou hart. Hoe meer jy jou versadiging in God soek, des te radikaler waag jy dit om nee te sê vir jou ou lewe. Geen mens sal sy kruis onder dwang op



hom neem nie, as 'n pure plig wat jy logies uit Bybelwoorde afgelei het nie. Jy word daartoe berei as God jou hoogste geluk word en Jesus regtig die lewe van jou lewe is. Dan ontdek jy hoe waar dit is as Hy sê: "My juk is sag" (Matt. 11).

WEGSTEEK

Bowendien geld dit alles nie maar net vir homoseksueles nie, maar vir die kerk as geheel, vir die gemeenskap van die Nuwe verbond. Dit is selfs gevaarlik en oneerlik om dit spesiaal toe te pas op homoseksueles. Ons help mekaar nie met die volgende eksegetiese debat oor die konkrete "homoseksuele tekste" nie. En ek sê dit terwyl ek op grond van grondige onlangse studies van mening is dat ook die

eksegese van die konkrete tekste duidelik maak dat God homoseksuele relasies nie toelaat nie. Ons help mekaar ook nie om skepties vas te stel dat dit alles glad nie so duidelik is nie. Ons sal meer oortuigend wees wanneer ons binne die gemeente ook self leef uit die etiese hoofboodskap en vanuit die vreugde in Christus ons kruis op ons neem. So kan jy ook oortuigend die etiese hoofboodskap toepas op relasievorming en seksualiteit. Dan kan hierdie boodskap vir homoseksueles niks anders beteken nie as 'n keuse teen 'n homoseksuele manier van lewe. Dit is pynlik en gee jou die gevoel om jouself te moet prysgee. Maar dit is nie onbegryplik nie. Dit pas by God se werk van skepping tot koninkryk. En selfs hierdie pynlike gevoel blyk in die lig van die etiese hoofboodskap *en vir die deurgaande Christelike lewenstyl* nie vreemd te wees nie. Juis as jy jouself verloor, sal jy jou lewe vind (Matthéus 16). Dit sou skade wees as die kerk hierdie boodskap sou verdoes of versag. Dit kan ons medeskuldig maak aan die oordeel oor ons naaste. Dit sou ewe verkeerd wees om hierdie boodskap veral aan homoseksueles voor te hou en dit nie almal (opnuut) uit te leef nie. Met die maat waarmee ons ons homoseksueles meet, sal God ons meet. Sowel vir homoseksueles as vir ander kerklede is nuwe oortuigingskrag met betrekking tot homoseksuele relasievorming vandag broodnodig. Maar meer as dit is nodig. Hieroor 'n volgende keer.

Oorgeneem uit: De Reformatie, jaargang 80, nommer 37, 18 Junie 2005. ▣



Temas wat in die volgende maande in *KOMPAS* bespreek gaan word:

Februarie 2006: Vreemdelingskap

Maart 2006: Israel visie

April 2006: Paasfees

Mei 2006 :Probleemkind?

GOD VRA NIE DANKBAARHEID NIE

Ds. B Luiten

SAMELEWING

Onder hierdie titel skryf ds B Luiten in *De Reformatie* van 10 September 2005 oor ons gehoorsaamheid aan die Here. So dikwels sien Christene hulle heiliging as ons antwoord wat uit dankbaarheid gedoen moet word. Die werk van die Heilige Gees word dan bloot gesien as 'n "hulp" vir ons in daardie nuwe lewe. In beide Sondag 1 en Sondag 3 van die Heidelbergse Kategismus leer ons egter dat die heiliging iets is wat Christus in ons doen deur sy Gees. Ook ons gehoorsaamheid en dankbaarheid is deel van die genade wat die Here vir ons beloof. In die plek van die werk van die Gees in ons, plaas ons dikwels die las van 'n dubbele "moet" op mense. Eers moet ons gehoorsaam wees en dan moet ons dit ook nog uit dankbaarheid doen. Al te maklik kan dit, in die manier waarop dit gekommunikeer word, klink asof ons dankbaarheid nie gedra word deur die genadewerk van die Gees van Christus in ons nie. Dit is juis hierdie sentimente wat ds Luiten op 'n mooi manier aan die orde stel.

GENADE LYK KWESBAAR

Die nuwe lewe is nie altyd maklik nie, hoewel ons dit tog as noodsaaklik beskou. Ons word tog daartoe opgeroep? Dit is 'n uiting van noodsaaklike dankbaarheid, anders sal 'n mens God nooit ontmoet en in sy Koninkryk ingaan nie. Hieroor is daar talle dringende preke, wat 'n mens net so dikwels laat agterbly met 'n gevoel van twyfel en skuld. Waar dit oorheers, is daar deeglik aan die genade afgedoen. Dit kan op 'n heel subtile manier gebeur. Eers word in 'n preek na vore gebring alles wat God in Jesus Christus gee, vervolgens is daar êrens 'n keerpunt, waarna verkondig word hoe ons God vir soveel genade dankbaar moet wees. Ja, dit moet dan ook. Met die gevolg dat in menigeen se denke die volgorde net mooi andersom word: "as ek nie méér dankbaarheid teenoor God betoon as wat tans die geval is nie, kan ek maar vir ewig van sy genade vergeet". So word dankbaarheid 'n verpligting. Dit bring onsekerheid, want 'n mens weet nooit wanneer jy dankbaar genoeg is nie. Erger nog, jy kan voortdurend die gevoel hê dat jy te kort skiet. Dit veroorsaak soms dat die stryd teen die sonde in stilte opgegee word: "ek gaan tog verlore, dus maak dit nie meer saak nie". Dit is dus 'n manier waarop aan die genade afgedoen word. Dit word in wese onttoon.

GOD VRA NIE DANKBAARHEID NIE

Miskien help dit om 'n slag bo-aan 'n artikel te skryf: "God vra nie dankbaarheid nie". Dalk skok dit ons. Want ons is opgevoed by die drie-deling van die Kategismus: hoe groot my sonde en ellende is, hoe ek daarvan verlos word, en "hoe ek God vir so 'n verlossing dankbaar moet wees (HK vr. + antw. 2). Hierdie "moet" was nie altyd daar nie; vroeër het daar gestaan: "hoe ek God vir so 'n verlossing dankbaar sal wees". Die formulering "moet" kan misverstand in die hand werk.

Want daar is iets wat opval. Slaan 'n mens die ver-wysingstekste by hierdie slotsin van vr. & antw. 2 van die Kategismus na, sal 'n mens vind dat in nie een van hierdie Skrifbewyse dankbaarheid gevra word nie. Dit gee stof tot nadenke. Vervolgens word die konkordansie uitgehaal en die woord "dankbaarheid", met al sy afleidings, nageslaan. Die woord kom skaars voor in die Bybel. En dit word in elk geval glad nie as 'n gebod of as 'n voorwaarde na vore gebring nie. Hiermee word nie beweer dat ons dan wel ondankbaar mag wees nie. Maar hier is wel iets gaande wat die moeite werd is om van nader te beskou.

GOD VRA GELOOF

Die punt waar dit om gaan is dat ons, deur dankbaarheid op die voorgrond te plaas, mekaar op die verkeerde pad kan plaas. Op die verkeerde pad van die prestasie en die resultaat.

Dit terwyl die Bybel self telkens 'n ander woord gebruik. Waarom het dinge verkeerd geloop in die woestyn? Waarom kon die volk nie in die beloofde land ingaan nie? Omdat daar gebrek aan **geloof** was (Hebreërs 4:2)! God verwyt sy volk nie van ondankbaarheid nie, maar van **ongeloof** (Deuteronomium 1:32). Eeue later, wanneer die tienstammeryk in ballingskap weggevoer word, is die rede net so min "ondankbaarheid teenoor God". Die rede is dat hulle voortdurend agter nietige afgode aan geloop het (2 Konings 17).

Positief, wanneer mense volgens Gods wil handel, word geskryf dat hulle dit uit geloof doen. Dit is beslissend in kritieke situasies (kyk na die talle voorbeelde in Hebreërs 11).

So word ons op die regte pad geplaas. Die regte pad van vertroue op God.

Dit mag dalk na 'n subtile verskil lyk, maar dit is essensieel vir God se verbond met ons, wat ten volle uit genade bestaan. Genade wat geheel en al uit God self is, wat ons nie kan of hoef te bewerk nie, nie vantevore en ook nie agterna nie. Genade wat bewys word aan mense wat dit nie verdien nie, elke dag nie, nie vandag nie, nie môre nie en oormôre weer nie. Nooit sal die grondslag wees dat dit moet blyk dat ons dankbaar genoeg is nie, nooit mag ons mekaar of onself aanspoor tot die gedagte om enige sekerheid daarin te vind nie. God het nooit daardie soort dankbaarheid gevra nie. Dis wat juis so opvallend is.

God vra geloof. Dat ons op Hom bou. Nie net as ons agter ons kyk nie, maar ook as ons na die toekoms kyk. Hy het ons uit Egipte uitgelei, Hy sal ons ook in die beloofde land bring. Dit maak nie saak of daar reuse woon nie.

God vra geloof. Dat ons op Hom vertrou vir ons ewige lewe en vir ons daaglikse brood, vandag en môre. Ook as brande, siklone en oorstromings alles vernietig wat 'n mens opgebou het.

God vra geloof in sy liefde en trou, ook al is ons dit nie werd nie en kla ons hart ons aan dat ons al sy gebooië oortree het.

God vra geloof as Hy ons in Jesus Christus tegemoetkom. In Hom, wat alle gebooië vir ons volbring het.

GENADE AS DIE AANDRYWING IN MY LEWE

Kom ons kyk na die kader van die wet, wat ons graag die reël van die dankbaarheid noem. Hierdie aanduiding is nie noodwendig verkeerd nie, solank die reël nie 'n maatstaf vir die dankbaarheid word nie. Want dan verdwyn jy in die moeras.

Israel het met die wet bedroë daarvan af gekom, skryf Paulus. Omdat hulle ondankbaar was? Nee, omdat dit nie uit die **geloof** was nie (Romeine 9:32). Op hierdie manier is daar deur die eeue onder die skyn van dankbaarheid heelwat wettisme verkondig.

In die hele Skrif en in alle gebooië draai dit om die liefdevolle en allesverwagende geloof in God. Geloof wat ons nie laat terugkeer na onself nie, maar waardeur ons steeds meer reken op en met die magtige goeie God.

Daarin bestaan jou nuwe lewe! Die nuwe lewe wat jy deur God se genade begin en waarin God se genade die aandrywing en stimulans is en bly. Hoe maklik kan dit verkeerd gaan. Ná die intog in die belofde land druk God dit sy volk op die hart dat Hy die enigste is. Hy vra dié gelowige *erkenning* dat hulle Hom nie *vergeet* nie, maar *gedenk* (Deuteronomium 8:5, 14, 18). Sommige Bybelvertalers het bo-aan hierdie Bybelgedeelte geskrywe: "God se weldade vra dankbaarheid". Die woord "dankbaarheid" kom in hierdie gedeelte nie eens een keer voor nie. Daarmee het dankbaarheid uit die aard van die saak nie 'n slegte woord geword nie. Maar dit is nie wat God sê nie. As Hy geloof vra, sal dankbaarheid daarmee saamkom, maar die visier is anders gestel. Nie op onself en wat ons bereik nie, maar op Hom, van wie die geloof nooit te veel kan verwag nie. Dit maak nou juis die verskil tussen om in jouself vas te loop en om jou aan God op te trek.

"GENADE VASHOU"

Dalk kan dit help om te kyk hoe dankbaarheid teenoor God in die Bybel omskryf word.

Nadat in Hebreërs 11 uitvoerig vermeld is hoe kinders van God in hul geloof beproef is en daarin volhard het, terwyl hulle uitsien na God se Koninkryk wat kom,

lees ons in die Afrikaanse vertaling van 1933:

"Daarom, omdat ons 'n onwankelbare koninkryk ontvang, laat ons dankbaar wees, en so God welbehaaglik dien met eerbied en vrees." (12:28). Die vertaling van 1983 lui min of meer dieselfde.

Op die oog af is dit 'n goeie vertaling. Tog word 'n mens verras deur die feitlik letterlike Statevertaling. Daar staan: "Daarom, omdat ons 'n onwankelbare koninkryk ontvang, laat ons die **genade [vas]hou**, waardeur ons God welbehaaglik mag dien."

Dit maak verskil. "Genade vashou" is iets anders as "dankbaar wees". "Genade vashou" plaas God sentraal in Jesus Christus, as die gratis en onuitputlike bron van lewe, liefde en ontferming.

"Dankbaar wees" plaas die mens sentraal in sy reaksie op God; geen enkele sekerheid is ooit daarin te vinde nie.

Maar in die Bybel is dit dus dieselfde: wie die genade vashou, dié is dankbaar.

DIE WET AS REËL VAN GELOOF

Hieroor kan nog baie gesê word. Maar vir eers staan dit vas: ons nuwe lewe, wat so nodig begin moet word, ontstaan in geloof in God se genade. **Dit is nie 'n teenprestasie van ons kant nie, maar 'n nuwe manier van bestaan deur 'n eindelose vertrouwe in God.**

Weens 'n gebrek daaraan kon Israel nie in die belofde land ingaan nie. Hulle het meer na hulself as na God gekyk en omgekom.

Net so sal niemand wat meer na hulself as na God kyk, in die Koninkryk van God ingaan nie. Let op die kern van die nuwe lewe in die praktyk van elke dag. Dis 'n kwessie van alle gebooië met blydschap (leer) onderhou. **Die wet as reël van geloof.** Van die kinderlike geloof dat God weet wat goed is, **beter** as wat ek dit weet. En dat Hy vir my geluk sorg, **meer** as wat ek kan bereik deur my eie gang te gaan. En dat Hy my versadig, **dieper en hoër** as wat ek kan bereik deur te steel en te woeker. En dat Hy bowendien honderdvoudig teruggee wat ek hier verloor, omdat ek 'n Christen is. Hy maak alles goed.

Oortreding van die wet is nie soseer 'n kwessie van ondankbaarheid nie, maar veel eerder 'n houding van **hoogmoed** en **ongeloof** teenoor God, omdat jy dink dat jy self jou lewe tot groter heerlijkheid kan bring. Hy is die enigste, nog steeds. Erken dit in alles, altyd en orals, en lééf! ☩



Die bestuur, redaksie en administrasie van
Kompas wens al sy lesers en ondersteuners
'n geseënde Kersfees en jaarwisseling toe.

ICRC KONFERENSIE 2005

Ds. C Kleijn

RONDON DIE KERK

Die sesde vergadering van die ICRC in Pretoria is geskiedenis. Vir 'n volle week het meer as tagtig afgevaardigdes en besoekers uit alle wêrelddele vergader en gekuier in en rondom ons kerk- en skool-sentrum in Rietfontein. Namens die VGKSA het ds. T. Mogale en ondergetekende die konferensie bygewoon. Hoe het ons dit ervaar? Wat het hierdie konferensie getipeer? Was dit die moeite werd?

GROEI IN EENHEID

Onder die afgevaardigdes het 'n baie goeie atmosfeer geheers. In vergelyking met vorige konferensies wat ek bygewoon het (1993, 2001) het ek ervaar dat die ICRC oor die jare duidelik gegroei het in die beweging van die eenheid. In die ICRC het kerke van Presbiteriaanse agtergrond en van kontinentaal Gereformeerde agtergrond mekaar gevind. Dit was aan die begin nogal 'n aanpassing, 'n groeiproses. Die kerke van die verskillende agtergronde moes mekaar nog goed leer verstaan en waardeer. Die verskille tussen die sogenaamde twee kerk-families het in die verlede dan ook dikwels na vore gekom, ook by die keuse en bespreking van die onderwerpe. Hierdie keer was dit anders. Daar was nou groter onderlinge begrip, vertroue en waardering. Dit was 'n weldaad om hierdie groei in eenheid te bespeur en te beleef.

Die enigste saak waarin die verskil van agtergrond reëlmagtig na vore gekom het was met betrekking tot die reëls van debatvoering. Daar was soms 'n Babiloniese spraakverwarring op hierdie gebied. Die Presbiteriane kon nie mooi verstaan wat die Christelik Gereformeerde voorsitter ds. B. de Graaf bedoel het met sy bepaling dat die bespreking in rondtes sou plaasvind en dat die afgevaardigdes in die eerste rondte nie op mekaar mog reageer nie. Hopelik sal die versoek van die konferensie aan die Interim Komitee om eenvoudige reëls op te stel om die bespreking, debatvoering en

besluitvorming te fasiliteer, hierdie spraakverwarring in die toekoms oplos.

Die ICRC is besig om 'n ander fase van sy ontwikkeling in te gaan. Die nuwe uitdaging is die groei in eenheid tussen die ou gevestigde kerke en die jong kerke wat uit die sending ontstaan het en wat meestal in ontwikkelende lande woon. Die feit dat hierdie konferensie in Suid-Afrika gehou is, was simbolies vir die fase waarin die ICRC verkeer en het daardie nuwe uitdaging vir die afgevaardigdes duidelik tuisgebring. Die besoek aan die erediens in Soshanguve-Noord en Mamelodi het die afgevaardigdes baie beïndruk.

Hierdie nuwe fokus het ook duidelik uitgekóm in die onderwerpe wat op die konferensie gedien het en bespreek is. In die verlede kon die onderwerpe soms baie teoreties wees met min praktiese toepassing, waarby veral die aktualisering vir die jong kerke ontbreek het. Op hierdie konferensie was die onderwerpe meer prakties toegespits. In die persverslag elders in dié blad lees u meer oor die onderwerpe. Die ICRC het besluit om die nadruk op die praktiese toepassing van die gereformeerde teologie voort te sit.

BESPREKING OOR TOELATINGS

Uniek vir hierdie konferensie was die tyd wat bestee is aan die aansoeke vir toelating tot die ICRC. Baie tyd het daarin gegaan, in die kommissies wat dit moes voorberei en in die plenêre vergaderings. Aan die een kant moet dit as positief gesien word. Die ICRC het gewys dat hy die kwessie van toelating baie ernstig opneem en nie sommerso enige kerkverband toelaat nie. Dis was beslis nie net 'n formaliteit nie. In die bespreking is die argumente op 'n broederlike en Skriftuurlike manier geweeg sodat in eensgesindheid 'n besluit geneem kon word. Daarin het die ICRC sy grondslag en doelstelling

duidelik probeer naleef en bewaak. Iets wat die vertroue in die ICRC net kan verhoog.

Aan die ander kant was dit baie jammer dat soveel tyd aan die toelatings bestee moes word. Daar was nou minder tyd vir die onderlinge besprekings en vir die werks-winkels. Daardeur was daar geen tyd om die bespreking van die onderwerpe goed af te rond met die formulering van gesamentlike gevolgtrekkings en 'n gereformeerde getuigenis vir die wêreld nie. Ek begryp egter dat die Interim Komitee nog daaraan gaan werk. Moontlik het ons dus nog iets te wagte.

NUWE LIDMATE

GKSA

Die eerste kerkverband wat toegelaat is, is die ons bekende GKSA. Dit het egter nie gebeur sonder 'n uitvoerige bespreking nie. 'n Groot probleem was 'n rapport van die GKSA deputate vir hul volgende sinode in Januarie 2006 waarin voorgestel word om alle kerklike ampte vir vroue oop te stel. Die kommissie van die ICRC, wat hierdie aansoek vir lidmaatskap moes behartig, het aanbeveel dat die aansoek weer oor vier jaar bespreek moet word in die lig van die besluite wat die GKSA in Januarie 2006 oor die vrou in die ampte gaan neem. Daarteenoor is gestel dat die GKSA beoordeel moet word op grond van wat hulle vandag is en nie op grond van wat hulle moontlik in die toekoms gaan wees nie. Uiteindelik is besluit om die GKSA as lidkerk toe te laat met die aansporing aan hulle om die sake van die vrou in die amp en hul verhouding tot die Christian Reformed Churches in North America op 'n skriftuurlike manier op te los. Dit het uit die bespreking duidelik geword dat die ICRC 'n besluit om alle ampte vir die vrou oop te stel, nie sal tolereer nie.

Na hierdie besluit het die voorsitter die gevoelens van die vergadering verwoord toe hy o.a. gesê het: "Dit was 'n swaar vergadering omdat die konferensie geworstel het om te doen wat reg is. Die vergadering het nie die bedoeling gehad om die GKSA buite te hou nie, maar om

julle binne te hou en om julle brandstof te gee om gereformeerd te bly. Die aansporing is toegevoeg om julle as afgevaardigdes van die GKSA te ondersteun wanneer julle terugkeer na jul kerke toe. My bede is dat die Here die GKSA sinode so mag lei dat ons by die volgende ICRC weer kan saamkom en opgewonde kan wees oor die besluite.”

Die Gereformeerde Kerke van Spanje (IRES)

Ds. Francisco Gomez het sy kerke aan die vergadering voorgestel. Hoewel Spanje 'n eerstewêreld land is, is sy Protestantse kerk 'n derde-wêreld kerk, met baie geestelike armoede. Daar is ongeveer 600 sendelinge daar van allerlei kerklike agtergronde. Baie van hulle het egter 'n Arminiaanse inslag. Die Europese Hervorming van die ses-tiende eeu het in Spanje goed begin. Die Bybel is vertaal, asook Calvyn se Institusie. Maar die Inkwisisie was baie effektief. Eers in die 19de eeu was daar weer 'n evangeliese oplewing en eers na 1978, na die dood van diktator Franco, was daar geestelike vryheid. Die IRES is 'n baie klein kerkverband. Dit bestaan uit 7 gemeentes en een sendingspos, versprei oor Spanje en die Kanariese Eilande, 300 lidmate onder 'n bevolking van 40 miljoen. Hierdie kerke word alreeds 'n lang tyd erken en ondersteun deur ons Nederlandse susterkerke (GKNv). Hulle het as basis die Westminster Konfessie en die Drie Formuliere van Eenheid en word geregeer volgens die Dordtse Kerkorde. Op aanbeveling van die kommissie, wat hul aansoek tot lidmaatskap moes bekyk, is hulle eenparig as lid aanvaar.

Belydende Gereformeerde kerk in Congo (ERCC)

Ds. Pascal Ngoy Nsenga het die kerke voorgestel. Die kerke het ontstaan deur radio-uitsendings van ds. A.R. Kayayan. Mense het rondom die radio vergader. Dit het tot spontane gemeentevorming gelei. Na verloop van tyd het daar direkte kontakte ontstaan tussen ds. Kayayan en die gemeentes. Twee jong manne is na Frankryk gestuur vir verdere teologiese vorming. In 1984 is hul eerste predikant



Ds Gomez van Spanje

bevestig deur ds. P.H. Treick (RCUS) en ds. Kayayan. Deur verdere kontak met ons susterkerke in Nederland en met die GKSA is die kerklike lewe verder ontwikkel. Ses manne het hul opleiding in Potchefstroom ontvang. Die ERCC ken as belydenisskifte die Heidelbergse Kategismus, die Dordtse Leerreëls en die Franse Konfessie. Hulle het susterkerkrelasies met die RCUS, die GKNv en die GKSA. Op die oomblik is daar 250 gemeentes, 22 predikante en 9 teologiese kandidate.

Hulle is versprei oor 4 van die 11 provinsies van die Congo. Die gemeentes is baie arm en kan hul predikante nie onderhou nie. In 1995, het die GKNv 'n teologiese opleiding daar moontlik gemaak. Daar is nou 15 studente. Baie meer predikante is nodig. Die aanbeveling van die kommissie om die ERCC as lidkerk van die ICRC te verwelkom is eenparig aanvaar.

KERKE NOG NIE TOEGELAAT NIE

GKSA Sinode Soutpansberg

Ds. Silas Nefefe het hierdie kerke soos volg geïntroduceer: “Ons het ontstaan uit die sendingwerk van die GKSA en die Christelik Gereformeerde Kerke in Nederland (CGKN). Van 1910 tot 1962 was ons 'n sendingskerk. In 1963 het die swart kerke hul eie sinode gevorm vanweë apartheid. Die meeste van ons lidmate is Venda, Tsonga en Sotho. Ons was lid van die Gereformeerde Ekumeniese Raad (REC), maar het dit verlaat omdat ons ongelukkig was met die ontwikkelinge wat in stryd met die gesag van die Skrif was. Ons aanvaar die Drie Formuliere van Eenheid. Ons het 'n teologiese seminarie en 'n instituut vir Christelike Hoër Onderwys. Ons gee ook aandag aan gemeenskaps-ontwikkelingswerk, en spreek ook veral HIV/Vigs aan. Ons het 'n relasie met die GKSA (Sinode Potchefstroom), die GKSA (Sinode Midland) en met die CGKN. Ons het kontakte met



v.l.n.r.: Ds Antiev (NKST), Ds Nsenga en Ds Beya (van ERCC)

die Orthodox Presbyterian Church (VSA) en hulle gevra om ons aansoek vir lidmaatskap van die ICRC te ondersteun, maar daar was 'n kommunikasiesteurnis. Ons kerke is klein, ongeveer 9 gemeentes en ons het enkele predikante, maar ons is sterk in die gereformeerde geloof en soek gemeenskap met waarlik gereformeerde kerke. Ons worstel met armoede en met die nalatenskap van apartheid. Deur gebed sal God ons help om die hindernisse wat voor ons lê te oorwin."

Die GKSA afgevaardigdes het verduidelik dat die Soutpansberg Sinode nooit formeel van die GKSA geskei het nie, maar dat hulle de facto wel afsonderlike kerke is en as sodanig behandel moet word. Omdat die GKSA Sinode Soutpansberg nie die vereiste briewe van aanbeveling van twee lidkerke gehad het nie, het die ICRC besluit om hulle aan te moedig om by die volgende konferensie aansoek vir lidmaatskap te doen. Dit sou vir die VGKSA goed wees om in die komende jare met hierdie kerke nader kennis te maak.

Die aansoeke van die kerk van Christus in Soedan onder die Tiv (NKST) en van die Verenigde Gereformeerde Kerk van Myanmar (URCM), wat in die vorige Kompas deur die gesprek met ds. Moses Thang bekendgestel is, is ook deur die Konferensie afgewys. Albei kerkverbande is aangemoedig om volgende keer weer aansoek tot lidmaatskap te doen volgens die afgesproke reëls.

Free Church of Scotland (Continuing)

Die aansoek van die FCC, wat in 2000 deur 'n afskeiding uit die FCS ontstaan het, was die mees moeisame

en pynlike ervaring van die Konferensie. Na 'n lang beraad het die ICRC besluit dat hy die aansoek op hierdie oomblik nie kan aanvaar nie. Hoewel dit aanvanklik positief gelyk het, kon die Konferensie uiteindelik van die FCC geen belofte kry dat hulle sou afsien van hofsake teen die FCS nie. Die vergadering het geoordeel dat hofsake teen 'n lidkerk in stryd is met die Skrif (1 Kor 6:6-7) en met die doel van die ICRC. Beide die FCS en die FCC is opgeroep om hulle op 'n Bybelse manier met mekaar te versoen. Dit was 'n pynlike oomblik vir elkeen van ons, maar veral vir die afgevaardigdes van die FCC. Die vergadering kon egter nie anders nie. Ons bede is dat die geskille in die komende jare tog op 'n broederlike en billike manier uitgesorteer word.

DIE MOEITE WERD

Om so 'n konferensie te organiseer is 'n groot werk. Die organiserende komitee van die VGK Pretoria kan daarvoor saampraat. Hulle het werklik alles in hul vermoë gedoen om die konferensie 'n sukses te maak en goed daarin geslaag. Die ruimte in en rondom die kerk- en skoolsentrum was uitstekend vir die doel van die konferensie. Die maaltye was puik en kon steeds buite in die skaduwee of onder 'n groot gazebo gebruik word. Die konferensie het die geleentheid gebied om informeel en amptelik gesprekke te voer met afgevaardigdes van baie kerke, sowel susterkerke as ander kerke. Ons kon mekaar beter leer ken, bemoedig en opskerp in die stryd vir die geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is. Die onderwerpe het daarin ook 'n wesenlike bydrae gelewer. Ons mog iets ervaar van God se wêreldwye werk van kerkvergadering. En die gemeentes in die Pretoria omgewing mog op 'n besondere manier daarin deel. ☩

ICRC 2005 Persverklaring

RONDON DIE KERK

Die sesde vergadering van die International Conference of Reformed Churches (wat eens per vier jaar plaasvind) het gedurende 13-19 Oktober 2005 te Pretoria, Suid-Afrika byeengekom. Die geleentheid is voorafgegaan deur 'n bidstond waartydens die Woord bedien is vanuit die tema *Deur die byeenkoms te Jerusalem bewaar God die eenheid en katolisiteit van die kerk*. Die vergadering het plaasgevind by die Vrye Gereformeerde Kerk te Rietfontein, Pretoria, wat ook as gasheer vir die konferensie opgetree het. Die afgevaardigdes het groot waardering uitgespreek teenoor die groot aantal gemeentelede wat by die reëlings betrokke was.

LEDE EN BESOEKERS

Drie nuwe gereformeerde kerke is toegelaat tot die ICRC - die Gereformeerde Kerke in SA, die Gereformeerde Kerke van Spanje en die Reformed Confessing Church in Congo — wat die gesamentlike getal lidmate van ICRC kerke bring op byna 700,000 lidmate. Die basis van lidmaatskap van ICRC lidkerke is 'n erkenning van

die Skrif (Ou en Nuwe Testament) soos bely in die Gereformeerde belydenisse: die drie Formuliere van Eenheid/of die Westminster Belydenisskrifte en Kategismus. Die vyf-en-twintig ICRC lidkerke is tans:

- Associate Reformed Presbyterian Church (ARPC; VSA)
- Calvinistiese Gereformeerde Kerke in Indonesië (*Gereja Gereja Reformasi Calvinis di Indonesia NTT*)
- Canadian Reformed Churches (CanRC)
- Christelik Gereformeerde Kerke in Nederland (*Christelike Gereformeerde Kerken in Nederland*) (CGKN)
- Belydende Gereformeerde Kerk in die Kongo (*Église Réformée Confessante au Congo*) (ERCC)
- Evangelies Presbiteriaanse Kerk in Engeland en Wallis (EPCEW)
- Evangelies Presbiteriaanse Kerk van Ierland (EPCI)
- Vrye Kerk van Sentraal Indië (FCCI)
- Free Church of Scotland (FCS)
- Free Church in Southern Africa (FCSA; Suid-Afrika)
- Die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid Afrika (VGKSA)
- Free Reformed Churches of North America (FRCNA)
- Orthodox Presbyterian Church (OPC; Kanada)
- Presbyterian Church of Eastern Australia (PCEA)



SENDING

Een van die belangrikste doelstellings van die Konferensie is om samewerking tussen ICRC lidkerke aan te moedig insake die vervulling van die sendingsopdrag. Die verslag van die Sendingskomitee is aan die Konferensie voorgehou. Daarin is melding gemaak van suksesvolle regionale sendingsbyeenkomste wat sedert die laaste ICRC byeenkoms gehou is naamlik in Asië (Thailand Feb 2003) en Afrika (Demokratiese Republiek van die Kongo; Sep 2003). Die Sendingskomitee het

ook 'n samevatting van sendingwerk wat deur ICRC kerke verrig word, bekendgestel. 'n Hersiene opdrag aan die Sendingskomitee is ook aanvaar. Dit sluit in die opstel van 'n lys van kontak persone vir die sending per ICRC lidkerk. Hierdie persone aanvaar ook verantwoordelikheid vir die verspreiding van ICRC sendinginligting van en na hul onderskeie kerke.

VOORDRAGTE

Die tema van die byeenkoms was "Die Koningskap van Christus". Vier voordragte is gehou waarin gefokus is op verskeie aspekte van die Koningskap van Christus naamlik: in die lewe van die gelowige, in die kerk, en in die wêreld. Besprekings en werkswinkels is in elk daarvan gehou.

Die eerste voordrag is gelewer deur prof. dr. A.J. de Visser (CanRC) oor *Die Koningskap van Christus in die lewe van die gelowige*. Prof. De Visser het 'n Bybelse perspektief oor die tema verskaf en aandag gegee asook die implikasies daarvan. Hy het aandag gegee aan die vraag hoe die Koningskap van Christus kan funksioneer in diverse gemeentes in verskillende dele van die wêreld. Hy doen aan die hand dat die Koningskap van Christus 'n magtige teenmiddel kan wees om die probleme van beide anti-nomianisme en wettisme te bestry.

Die tweede voordrag is gelewer deur prof. dr J.W. Maris (CGKN) oor *Die Koningskap van Christus in die kerk*. Prof. Maris het begin deur die verhouding tussen Christus en die identiteit van die kerk aan die orde te stel. Hy bespreek die drie ampte van Christus, met name sy Koningskap en die implikasies daarvan, naamlik gehoorsaamheid. Die Koningskap van Christus gee ook rigting aan die kerk in sy sendingswerk, in sy strewing na Bybelse eenheid, en in die regering van die kerk. Hy het afgesluit deur aandag te vra vir die implikasies daarvan vir die toekoms van die kerk. Daar sal geen einde wees aan die Koningskap van Christus nie en ook nie 'n einde aan sy Koningskap oorsy volk nie. Di. Y. Dethan (GGRC) en D. Robertson (FCS) het elk in

- Presbiteriaanse Kerk in Korea (Kosin) (PCK(K))
- Gereformeerde Kerke in Indonesië – NTT (*Gereja Gereja Reformasi di Indonesia NTT*) (GGRI)
- Gereformeerde Kerken in Nederland (*vrijgemaakt*) (GKNV)
- Reformed Churches of New Zealand (RCNZ)
- Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA-P) P=Potchefstroom
- Gereformeerde Kerke in Spanje (*Iglesias Reformadas de España*) (IRE)
- Reformed Church in the United States (RCUS)
- Reformed Presbyterian Church of Ireland (RPCI)
- Reformed Presbyterian Church of North America (RPCNA)
- Gereformeerde Presbiteriaanse Kerk van Noord-Oos Indië (RPCNEI)
- United Reformed Churches in North America (URCNA)

Tien ander kerke het waarnemers afgevaardig na die konferensie. 'n Aantal hiervan het hulself aan die konferensie voorgestel en/of hul huidige posisie aan die konferensie verduidelik.

- Kerk van Christus in Soedan onder die Tiv (*Nongo u Kristu u ken Sudan hen Tiv*) (NKST)
- Ethiopiese Gereformeerde Presbiteriaanse Kerk (ERPC)
- Evangeliese Gereformeerde Kerk in Swede (ERCS)
- Free Church of Scotland (Voortgeset) (FCC)
- Heritage Reformed Congregations in North America (HRCNA)
- Onafhanklike Gereformeerde Kerk in Korea (IRCK)
- Mehrete Yesus Evangeliese Presbiteriaanse Kerk in Eritrea (MYEPC)
- Gereformeerde Kerk in Japan (RCJ)
- Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (sinode Soutpansberg) (GKSA-S)
- Verenigde Gereformeerde Kerke in Myanmar (URCM)

onderskeie voordragte aandag gevra vir *Die Koningskap van Christus geproklameer aan die wêreld*. Ds. Dethan het gefokus op die verkondiging van die evangelie aan diegene wat nie voorheen die evangelie gehoor het nie en ook aandag gevra vir gelowiges wat vervolgd word. Wat die verkondiging aan die heidene betref lê hy klem daarop om nooit die skerpte van die evangelieboodskap by omstandighede aan te pas nie. Dit is ons opdrag om heidene te konfronteer met die Skrif. Ons moet ons nie bekommer oor die vrug nie want dit is God se werk. Hy wys ook daarop dat vervolgings nie toevallig plaasvind nie. God gebruik vervolgings om ons geloof te beproef, dit bewerk ons heiligmaking en dit is tot eer van God.

Ds. Robertson fokus op die uitdagings om die Koningskap van Christus in 'n post-moderne era te verkondig. Die post-modernisme wantrou instellings (kerke), dit lê die klem op die huidige eerder as die toekomstige lewe, en dit ontken die bestaan van 'n oorhoofse lewensdoel. Ons moet hierdie uitdaging tegemoet tree deur eerlike realisme (sonder om te probeer om 'n rolspel te speel), ons moet radikaal wees (dit beteken ons moet terug na die Skrif), en ons moet eerlik wees in ons verhoudings met ongelowiges. Hy lewer 'n pleidooi om evangelisasie en kerkplanting nie na die uithoeke van die lewe in die kerk te verplaas nie. Deur verskillende omstandighede van heersende teologie, vorms van kerkregering en vorms van aanbidding lei en bou Christus sy kerk. Sondaars word tot bekering gebring tot eer van sy Naam – ongeag die heersende klimaat van post-modernisme, modernisme of tradisionele stelsels.

VOORGESTELDE VERANDERING AAN DIE ICRC KONSTITUSIE

Die vergadering stel die volgende wysiging aan die ICRC Konstitusie voor aan lidkerke. Dit moet nog na 'n twee-jaar periode deur 'n 2/3 meerderheid van lidkerke aanvaar word voordat dit van krag word:

[That Article IV.1.a of the Constitution be amended to read—]

1. Those churches shall be admitted as members which:

a. adhere and are faithful to one or more of the confessional standards stated in the Basis, as each Church has adopted one or more of these as its own standards, or adhere and are faithful to Reformed Confessions which are equivalent in content to the Confessions listed in the Basis (Art. 2), and which confession (or confessions) shall be proposed to be added to Article II of the Constitution.

Hierdie is 'n meer presiese formulering as voorheen. Die verskil is dat kerke tans gebind word aan nalewe van hul eie belydenisskrifte; verder word die onderskeie kerke se belydenisskrifte tans spesifiek vermeld as synde in ooreenstemming met die basis.

ANDER BELANGRIKE SAKE

Daar is veral drie besluite wat aandag vra. 'n Doelbewuste poging is onderneem om van die nuwer lede van die ICRC te betrek by beide die ICRC Interim-



Die Interim-Komitee

voor (v.l.n.r): Ds Bruce Hoyt, Ds Bort de Graaf, Ds Cornelis van Spronsen
Agter: ds Peter Naylor, Mnr Berends

komitee en die ICRC Sendingskomitee. Dit is ook besluit om die Regionale en Sendingskonferensies te kombineer. Die finansiering daarvan word ook aan die streek self oorgelaat en nie vanuit sentrale ICRC fondse nie. Die vergadering het ook besluit om 'n versoek te rig aan die Interim-komitee om iemand te benoem om inligting oor die bestaande teologiese opleidings en institute van ICRC kerke te versamel en aan lede te versprei.

ICRC AMPSDRAERS

Die vergadering het God gedank vir die werk verrig deur ds. M. van Beveren (CanRC), wat aftree na twintig jaar as korrespondensie sekretaris van die ICRC. Die vergadering stel ds. C. van Spronsen (CanRC) in sy plek aan. Die vergadering spreek ook sy dank uit teenoor die uittrede voorsitter, ds. Jack J. Peterson (OPC), wat agt jaar lank as voorsitter gedien het. Ds. Bort de Graaf (CGKN) is in sy plek aangestel as ICRC voorsitter.

BEGROTING EN VOLGENDE KONFERENSIE

Die vergadering het 'n vier-jaar begroting (tot die eers-komende Konferensie in 2009) vir \$US 135 000 aanvaar. Dit bedra minder as \$US 0.05 (R0.40) per lidmaat per jaar. Die volgende byeenkoms is vasgestel vir 2009 in Nieu-Seeland. Die Gereformeerde Kerke van Nieu-Seeland is aangewys as gasheer. ☩